



## **Ons Roeping**

**Dr. Gerrie de Haas**

**[gerrie@gedaministries.co.za](mailto:gerrie@gedaministries.co.za)**

**“Daar is geen verskil tussen  
oorwinnaars en gewone  
mense nie.**

**Die oorwinnaars veg net vyf  
minute langer.”**

# **Inhoud**

1. Kies die pad van 'n wenner.
2. Van Egipte tot die Beloofde Land.
  3. Die rower aan die kruis.
4. Baie is geroep maar min is gekies.
  5. Die eenvoudige evangelie.
  6. Die skool van die lewe.
  7. Die koninkryk in my.
  8. Is jy werklik gered?
9. Ons moet goed klaarmaak.
  10. 'n Radikale lewe.

# **1.KIES DIE PAD VAN 'N WENNER**

Deur die Woord van God die standaard van jou lewe te maak,  
plaas jy God waar Hy behoort.  
Om Sy Woord uit te leef, is om lief te hê.

Ons is almal seuns en dogters van liefde.  
Daarom, laat ons optree in liefde.  
Laat ons die lig van liefde volg in ons lewens.

Hierdie is werklik die tyd waarin jy jou medemens moet liefhê  
soos jouself.  
Neem jou buurman: hy mag jou vyand wees, jou vriend of  
iemand wat nie dieselfde oor geloof voel soos jy nie.  
Wees lief vir almal.  
Wat gaan dit jou baat om hom teen te staan.  
Alles wat ons doen sonder liefde gaan buitendien niks help nie.

'n Persoon wat nie kan liefhê nie, kan ook nie vergewe nie.  
'n Persoon wat nie kan vergewe nie, sukkel om die volheid van  
God se genade en guns in sy lewe te ontvang.  
Dis die rede waarom daar so baie mense swaarkry op aarde.

Ek sê aan julle hierdie dinge omdat ek kan sien dat liefde  
verlore gegaan het in ons samelewing vandag.

Soveel mense by die werk, by die skool en by politieke  
organisasies behoort aan verskillende gelowe en denominasies.  
Tog gaan ons saam skool toe, eet ons saam, beplan ons saam  
en werk ons saam, maar die oomblik dat elkeen na ons  
onderskeie kerke toe gaan, dan verdoem en kritiseer ons  
mekaar!  
Waarom?  
Dis tog skynheiligheid!

Ons moet bekend wees vir ons liefde – ongeag geloof of ras of waar ons is.

- Liefde gaan verder as haat – dit beteken, al word ons 2 gehaat, het ons lief;
- Liefde gaan verder as intimidasie – dit beteken, al word ons geïntimideer, het ons lief;
- Liefde gaan verder as jaloesie – dit beteken, al is hulle jaloers op ons, het ons lief;
- Liefde gaan verder as vervolging – dit beteken, al vervolg hulle ons, het ons lief;
- Liefde gaan verder as kritiek – dit beteken, al kritiseer hulle ons, het ons lief.

Ons moet 'n keuse maak: **1 Korinthiërs 13** sê:

- Liefde is geduldig, dit druk homself nie uit in woede nie;
- Liefde is nederig, dit druk homself nie uit in arrogansie nie;
- Liefde is hoop; dit druk homself nie uit in selfbejammering of wanhoop nie;
- Liefde is goedheid, dit druk homself nie uit in boosheid nie.

Gister was ek my broer se vriend, maar vandag is ek my broer se verwoester.

Gister het jou buurman opgestaan en hy was jou vriend, maar vandag is julle vreemdelinge oor politieke redes en godsdienstige en kultuur redes.

Daarom, in plaas van om ons samelewing en ander mense te kritiseer, laat ons doen wat goed is, en verander die sleg wat ons sien.

Laat ons in die lig van liefde loop.

Wat is die doel dan van steel, roof en verwoes vandag?

Dit is net om bymekaar te maak en in te palm, om vir ons en ons families skatte bymekaar te maak.

Maar ons families en kinders wat ons nou hierdie skatte gee, wat word van hulle?

Wat kan iemand regkry met gesteelde goed?

Grootheid en sukses? Nee

Vrede en gemak? Nee

Ons verstaan nie dat geen erfgenaam van jou iets gaan bereik met gesteelde goed nie – nooit nie.

As jy gesteelde goed erf, sal jy onder 'n gesteelde toekoms lewe.

### **Onthou:**

- Wat van God af kom, gaan terug na God.
- Wat van die waarheid af kom, gaan terug na die waarheid toe.
- Wat van gesteelde goed kom, gaan terug na diefstal.
- Wat kom van verwoesting, gaan terug na verwoesting.

Ons leiers in die regering, by die skool, by die kerk: hoe is hulle gekies?

Was dit werklik die keuse van die mense, of was dit ook 'n gesteelde mandaat?

Hulle wat ons pyn gister en vandag veroorsaak het, kan nie die toekoms se potensiaal beheer nie.

Niks gebeur vanself nie, daar is altyd 'n keuse betrokke.

Soos ons aangaan in die lewe, moet ons al hoe meer duidelik sien en weet waarheen ons op pad is.

Dit moet waar wees in die lewe van elke gelowige – ongeag sy omstandighede.

As dit nie besig is om te gebeur in jou lewe nie, het jy êrens 'n afdraaipad gemis.

**Onthou:** In die Here draai die verkeerde pad nooit vanself na die regte pad toe nie.

As jy 'n afdraaipad gemis het, is die enigste ding wat jy moet doen om terug te gaan waar jy dit gemis het, om dan weer op die regte pad te kom.

Die evangelie bring altyd weer herstel.

Dis hoekom ons sien dat vyandigheid verwyder kan word, en vyande weer vriende kan word.

Deur God se genade het ons dit gesien:

- \* 'n Slaaf kan 'n leier word.
- \* 'n Skaapwagter kan 'n koning word.
- \* 'n Moordenaar kan die bevryder van sy volk word.
- \* 'n Generasie van slange kan die saad van die heiliges word.

Aan Sy krag is daar geen einde nie.

As 'n Christen moet jou omstandighede nie jou verhouding met God affekteer nie.

Moet nie dat jou situasie jou mislei nie.

As jy jou slegte tye mooi hanteer, sal hulle omskakel in goeie tye.

Die opening van jou oë van geloof, sal die einde van jou vrees wees.

Die beloftes van God in jou lewe, is die uitdrukking van Sy wil in jou.

Hoe meer ons aan God se beloftes vashou, hoe meer verheerlik ons Hom.

“It is well with my soul!”

## **2.VAN EGIPTENA DIE BELOOFDE LAND**

Dis 'n vraag wat elkeen van ons vandag moet antwoord:  
Hoe ver het jy gevorder op die pad van Egipte na die Beloofde land?

Hierdie is tog een van die belangrikste vrae in ons Christenwees.

Deur ons wandel in die Here beteken dit dat ons verlede verby is!

Waar God se Woord is, is krag.

Om God se teenwoordigheid te ken, is om Sy krag te ken.

Dis al die beloftes vir my en jou in die Beloofde land.

## **Laat ons voor begin:**

Daar is drie groepe mense vandag op aarde:

### **1. DIE MENSE WAT NOG IN EGIPTES IS:**

Hierdie groep het in Egipte agtergebly toe die ander getrek het. Hierdie was uitsluitlik hulle eie keuse gewees. Hulle staan nog vas in die ou land en is onder die beheer van die Farao.

Hulle lewe nog in die slawerny van sonde. Elke dag kry hulle slae by die harde slawedrywer – sy naam is 'die eie ek'. Daar is ongelukkig nog te veel van hulle in die kerk vandag. 'n Groot deel van die evangelisasie wat nog moet kom, is op hulle gemik.

### **2. DIE WOESTYNMENSE:**

Hulle het saamgetrek, maar het vasgeval in die woestyn. O ja, hulle het die bloed van Jesus aan die deurkosyne van hulle harte gesmeer. Hulle het verstaan dat om in Kanaän te kom, moet 'n trek plaasvind.

In die woestyn het hulle God gevolg – bedags onder die wolk en saans deur die vuurkolom. Maar, hulle het langs die pad in die woestyn vasgeval. Hulle is kinders van God, maar hulle lewe in nederlaag – in die woestyn.

Die meeste van hulle lewe ook so in die geheim – jy hoor en sien niks van hulle nie, behalwe dalk op 'n Sondag as hulle hul nek so 'n bietjie uitsteek.



### **3. DIEGENE IN DIE BELOOFDE LAND:**

Hulle het deur die Jordaanrivier gegaan, en leef in oorwinning. Hulle het van die begin af geweet: die bloed van 'n lam op die deurkosyne was die enigste vereiste vir verlossing.

Hulle het nou bereik dit wat God vir hulle beplan het.

Hulle leef as dissipels en word gebruik deur God.

Daar was verseker ook party wat op die deurkosyne wou skryf. Hulle wou skryf: 'ek dien op die kerkraad', 'ek bak koeksisters', 'ek gee my tiende.' Hulle wou die hele kosyn vol skryf!

Maar God het gesê: 'Niks van jou nie – net die bloed van die lam.'

**Dit is ook in my lewe waar:** Die dag toe ek werklik vir Jesus Christus as Verlosser aanvaar het, het Hy Sy koninkryk in my hart kom vestig.

Dit was die resultaat van Sy genade.

Sy Bloed aan die kruis het ook vir my 'n trek uit Egipte na Kanaän begin.

Terwyl jy nog in Egipte bly, lewe en regeer Jesus Christus nie as Koning op jou troon nie.

Hoekom nie? Want die 'eie ek', die slawedrywerges in my, vervang Jesus Christus as heerser.

'Bekering' beteken 'n trek saam met God – na waar Hy jou wil neem, en nie waar jyself besluit om te gaan nie.

Mense ons moet één ding besef: Om deur die woestyn te trek en die hele woestynondervinding, het 'n doel in ons lewe.

\* Die hele doel is om God te leer ken en wat dit beteken om Hom te volg.

\* Dis om te leer dat Hy op 'n bonatuurlike manier regtig in my behoeftes kan voorsien.

\* Dis hier waar jy kon sien hoe God jou vyand – die weermag van Farao - laat verdrink het, terwyl jy droogvoets kon deurgaan.

## **WAT HET VERKEERD GEGAAN IN DIE WOESTYN?**

Waarom veertig jaar, as elf dae genoeg was?

Waarom bly en sterwe sekere mense dan in die woestyn?

Lees ***Numeri 11:4***

En die gemengde bevolking wat onder hulle was, is met lus bevang. Toe het die kinders van Israel ook weer geweene en gesê: Wie sal vir ons vleis gee om te eet?

### **Wat het fout gegaan?**

#### **1. Gedagtes aan die verlede:**

Hulle kon maar net nie ophou dink aan die ou dae nie.

Die verlede en sy versoeking het in hulle gedagtes gebly en hulle kon nie daarmee klaarmaak nie.

#### **2. Egiptiese vriende:**

Die 'gemengde bevolking' waarvan hier gepraat word is vriende wat hulle gemaak het met Egiptenare in Egipte.

Toe hulle trek, het hierdie vriende saamgegaan.

Hierdie maatjies in die woestyn het gesorg dat hulle nie die verlede kon vergeet nie.

Dis nou nog waar.

Het jy nou nog vriende wat jy ook in Egipte gehad het?

Moet net nie nou verskonings vir hulle maak nie!

**Onthou:** Vriende uit Egipte maak dat jy in die woestyn gaan omkom – al het jy vroeër 'n besluit vir God gemaak.

Mense raak ongelukkig so verblind dat hulle dit nooit raaksien nie.

Die sluier oor hul oë laat hulle nie besef hulle gaan Kanaän nooit sien nie.

Hulle gaan die totale oorwinning hier op aarde nie smaak nie. Hulle lewe van krisis tot krisis – ook in hulle geestelike lewe.

Ons moet weet dat die geloof wat jou uit Egipte laat trek het, is dieselfde geloof wat jou in die Beloofde land moet laat ingaan. Moet net nie hierdie geloof langs die pad verloor nie!

## **WAT DOEN DIE MENSE WAT NOU NOG IN DIE WOESTYN IS?**

Waarmee hou hulle hulself besig?

Die Woord sê: 'en elkeen het maar net gedoen wat reg was in sy oë'.

Dis waar al die verskillende kerke vandaan kom – elkeen doen maar net wat hy dink is reg.

Dit het ongelukkig een groot probleem: hulle bly in die woestyn!

Salomo sê in **Spreuke 4:23** dat dit wat in jou hart is, bepaal en beheer jou hele lewe.

As jy heeldag dink waar jy vandaan kom en oor jou verlede in Egipteland, dan is dit waar jy leef.

In **Eksodus 17** lees ons van die groot geveg tussen Israel en die magte van Amalek.

Die verhaal van Moses met sy hande in die lug.

As sy hande omhoog bly, wen Israel.

Later moes Aäron hom help om sy hande omhoog te hou.

Amalek is hier `n tipe van Satan en sy bose magte.  
Hy staan jou vandag nog teë met dieselfde taktiek.  
Wat was hulle taktiek?

***Deuteronomium 25:17-18;***

Dink aan wat Amalek op die pad by julle uittog uit Egipte aan jou gedoen het,

hoe hy jou op die pad teëgekome het en by jou die agterhoede, al die swakkes agter jou, verslaan het terwyl jy moeg en mat was, en hy God nie gevrees het nie.

Daar trek 3 miljoen Israëliete deur die woestyn.  
Amalek sit in die grotte bo in die berge en kyk hoe die kinders van Israel by hulle verbytrek.  
Heel vooraan is die sterkes, dan volg die swakkes.

Wanneer die sterkes verby is en die swakkes en die vrouens en die kinders kom later verby, sny Amalek hulle af en maak hulle dood – ook geestelik dood. Hoe klink dit vir jou?

Dit gebeur vandag nog en dis nou ons werk om dinge te verander.

Daar is soveel meer beskikbaar as wat ons beseef.

Dit het tyd geword dat elkeen van ons sy gawes en bedieninge moet opneem en uitgaan om `n verskil te maak.

**Kom ons kyk na Moses se lewe:**

Een dag stap hy vas in `n brandende bos.

Die bos het nie uitgebrand nie, want God was in hom.

Moses se bediening het begin.

Die volk was reg om uit Egipteland te trek, maar hulle was ongelukkig nie reg om tot in Kanään te trek nie.

Hoekom nie?

Hulle het vergeet dat dieselfde passie en geloof wat 'n mens laat trek, ook nodig is om jou tot by jou belofte te laat gaan. Hulle het vergeet.

Net twee het onthou: Josua en Kaleb.

Die Woord sê daar was 'n 'ander gees' in Kaleb – 'n ander gesindheid.

Dit het gemaak dat hy kon onthou hoe om God te volg.

**Onthou:** God begeer om jou in Kanaän te sien!

Hy het mense nodig om te help – mense met bedieninge.

Dis waar ek en jy nou inkom.

Tot Moses wat so 'n wonderlike leier was, het dit op die einde nie gemaak nie.

Hy kon die volk uitlei, maar hy kon hulle nie inlei nie.

Moses is aan die verkeerde kant van die rivier dood.

**Wat moet ons nou doen om uit die woestyn te kom?**

Ons moet klaarmaak met alles wat ons nog daar hou.

Jesus wil alles van ons hê.

**Hudson Taylor** wat jare gelede die 'China Inland Missions' begin het, het gesê:

'God het my gekies omdat ek swak genoeg was.

God doen nie altyd groot dinge deur groot komitees nie.

Hy leer iemand wat stil genoeg en klein genoeg kan wees, en gebruik hom dan.'

Die krag wat in 'n lewe, totaal oorgegee is, is onmeetbaar.

Elkeen wat sy lewe op die altaar kon neerlê, is bruikbaar in God se diens. God se Gees in jou, maak die verskil.

Onthou, jy ontvang eers die Heilige Gees as jy deur die Jordaanrivier gaan, die beloofde land binne.  
Laat toe dat die Heilige Gees jou totaal beheer.

### ***Romeine 12:1;***

Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.

Het jy gemerk dat hier nie staan aan wie jy jou liggaam moet gee nie?

Dis nie Jesus Christus nie – Hy het sy eie liggaam.  
Dis nie die Vader nie – Hy sit altyd op sy troon.  
Iemand het aarde toe gekom sonder 'n liggaam.  
God gee aan jou die onbeskryflike eer om jou liggaam aan die Heilige Gees te gee, om woning daarin te maak hier op aarde.

Satan moet weet wie is aan jou kant.  
Hy moet nooit twyfel dat jy in outoriteit wandel nie.

God wil die Jerigo's afbreek – nie met konvensionele wapens nie, maar met geestelike wapens.  
Hy het nie jou swaarde of spiese of ketties nodig nie – Hy wil 'n geestelike oorwinning vir jou gee.

### **Waar begin die gees van oorlog teen die bese waarvan jy verlos moet word?**

### ***Eksodus 33:11;***

'Dan spreek die HERE met Moses van aangesig tot aangesig soos 'n man met sy vriend spreek'.

Waar begin dit? By die voete van God.  
Daar waar Hy met jou aangesig tot aangesig kan praat.

## **Wat is ons doel by hierdie groep?**

### ***Efesiërs 4:11-12;***

'En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om **die heiliges** toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus.'

## **Hoe wil God hê dat ons dit moet doen?**

### ***1 Kronieke 22:1-2;***

'En Dawid het gesê: Dit is die huis van die HERE God, en dit is die brandofferaltaar vir Israel.

En Dawid het bevel gegee om die vreemdelinge wat in die land van Israel was, te versamel, en hy het klipkappers aangestel om gekapte klippe reg te slaan om die huis van God te bou.'

'die klipkappers' = die vyf-voudige bediening.

'die gekapte klippe' = die gelowiges.

'reg te slaan' = reg te leer, reg te vorm.

'om die huis van God te bou' = om die liggaam van God toe te rus.

God se liefde gee nie om wie ek is nie, dit gee om wat ek kan word.

## **3.DIE ROWER AAN DIE KRUIS:**

Redding beteken om vrygestel te wees van sonde en sy gevolge.

Sonde is die onregverdigheid wat ons doen en omdat dit God nie behaag nie, bring dit verwydering tussen ons en God.

Terwyl die sonde deur ons toegelaat word, gee dit aan die duiwel die reg om te steel in ons lewens.

Jesus Christus word gekruisig en sterf om juis dit moontlik te maak vir jou en vir my om van hierdie sondige natuur verlos te kan word.

### ***Lukas 23:32-33, 39-43;***

32. En daar is nog twee ander, kwaaddoeners, weggelei om saam met Hom tereggestel te word.

33. En hulle het vir Jesus gekruisig, en die kwaaddoeners, een aan die regter- en een aan die linkerkant.

39. En een van die kwaaddoeners wat opgehang is, het vir Jesus gesmaad en gesê: As U die Christus is, verlos Uself en ons.

40. Maar die ander een antwoord en bestraf hom en sê: Vrees jy ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is ?

41. Ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie.

42. En hy sê vir Jesus: 'Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom'.

43. En Jesus antwoord hom: 'Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met my in die Paradys wees.'

**Jesus sê vir hom:** 'Vandag sal jy saam met my in die Paradys wees.'

Die enigste ding meer buitengewoon aan hierdie versoek van die rower is dat dit toegestaan is.

Hierdie toneel gaan by alle normale perke van verbeelding verby.

'n Boosdoener en rower vra die Seun van God die ewige lewe? Maar dat die versoek toegestaan word, is ongelooflik.

Maar hoe ongelooflik dit ook al klink, dit is presies wat gebeur het.

Hy wat die hel verdien het, kry die ewige lewe.

Wat is dit wat Jesus Christus hier vir ons kom leer het?



Wat het Hy regtig kom probeer bewys deur hierdie geweldenaar te verskoon, wat heel moontlik nooit eers vir genade gevra het nie en dit allermins verdien het.

Hierdie man word agv. wat hy gedoen het, ongeskik verklaar deur die Romeinse Ryk om verder te lewe – maar op dieselfde oomblik vind Jesus Christus hom geskik om in Sy koninkryk te kom lewe.

Elke dag probeer die wêreld ons oortuig dat die menslike ras oppad is na nêrens. Dat mens geen bestemming het nie.

As mens geen doel of bestemming het nie, is die volgende ook waar: Dat hy waardeloos is.

As jy waardeloos is, wie stel in jou belang?

Jy is maar net soveel werd as 'n dier of 'n plant.

Geen verskil nie.

Daar is geen rede hoekom jy hier is nie.

Daar is geen beginsels nie, geen etiek nie en geen standaard nie.

Dit is jou waardesisteem teen myne.

Die hele lewe is afgeskaal tot naweke, salaristjeks en kitsplesier.

Nou dit is mens se waardesisteem.

Dit is nie God s'n nie.

In God se boek is mens oppad êrens heen.

Mens het hierdie wonderlike bestemming.

Ons is besig om voorberei te word om die kerkgange af te stap om die bruid van Christus te word.

Ons gaan saam met Hom lewe.

Ons gaan Sy troon deel en saam met Hom regeer!

Ons tel iets.

Ons is waardevol.

En wat nog meer belangrik is, is dat ons waarde in ons ingebou is.

Jy sien, as daar iets is wat Jesus almal wil laat verstaan is dit dat

`n persoon waardevol is, net eenvoudig omdat hy `n mens is. Dis hoe Jesus oor mense voel en dis waarom hy mense so behandel het.

Die mens is vir Hom so belangrik.

Dink daaraan:

- \* Die vrou wat betrap is met iemand wat sy nie moes gewees het nie – hy vergewe haar.
- \* Die sterwende melaatse wat vra om gesond te word – Hy maak hom rein.
- \* Die blinde man langs die pad - Hy gee aan hom genesing
- \* En die sieke by die poel van Siloam – hy herstel hom.

Mense wat alles verloor het, kry volkome herstel.

En dan die kruising soos beskryf deur Lukas.

Ons ken die verhaal, genoem 'Die rower aan die kruis'.

As daar ooit iemand was wat waardeloos was, is dit dié een.

As mens dit ooit verdien het om te sterf sonder `n doel, was dit hierdie ou. Hy was op die toppunt van die verloorders.

Dit is heel moontlik waarom Jesus hom gekies het om vir ons te wys wat Hy dink van die menslike ras.

Hierdie man, wie was hy?

Miskien het hy die Messias hoor praat.

Miskien het hy gesien hoe Hy die laagstes hanteer het.

Miskien het hy gesien toe Jesus ge-eet het saam met die tollenaars en die uitgeworpenes op straat.

Of, miskien nie.

Miskien is die enigste ding wat hy van die Messias geweet het, dit wat hy nou sien: `n Stukkend-geslaande sterwend prediker. Sy gesig pers en vol bloed, sy bene wat uitsteek deur die vel, sy longe wat hortend asemhaal.

Maar iets, iets sê vir hom dat hy op daardie oomblik in iemand wonderlik se teenwoordigheid is.

Hy besef dat al wat hy oor het – is dalk net 'n laaste versoek en hy besef hy het die regte Een ontmoet om dit voor te vra.

Dan die groot uitroep: 'Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom'.

Jesus kyk na hom en sien sy hart raak: 'Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees'.

Nou hoekom het Jesus dit gedoen ?

Wat in die wêreld kon hy wen deur hierdie rower 'n ereplek by die feesmaal te belowe ?

Wat kon hierdie sterwende man ooit vir hom teruggee?

Jy kan nog verstaan dat die Samaritaanse vrou kon teruggaan en vir almal vertel het.

En Saggeus het nog 'n klomp geld gehad wat hy kon teruggee.

Maar hierdie man. Wat gaan hy doen ? Niks.

Wel dis die punt. Luister mooi.

Jesus se liefde hang nie af van wat ons vir Hom kan doen nie.

Glad nie.

In die oë van die Koning het jy waarde, net omdat jy hier is.

Jy het nie nodig om mooi te lyk of iets groots te doen nie.

Jou waarde is in jou ingebou.

Jou waarde is net omdat jy lewe.

Nie oor wat jy al gedoen het of nie gedoen het nie – eenvoudig net omdat jy jy is. Dis waarin Hy belangstel. Onthou dit !

Onthou dit die volgende keer as iemand snaaks, 'n plakaat om jou wil hang wat sê jy is waardeloos.

Die volgende keer as iemand jou wil afmaak as goedkoop, lag net en onthou hoe Jesus jou al ge-eër het.

Ek maak ook so. Ek lag, want ek besef ook dat ek nie sulke liefde verdien nie.

Nie een van ons verdien dit nie.

Almal van ons, selfs die getroues, verdien hemel net so min soos daardie rower aan die kruis.

Almal van ons teken op Jesus Christus se kredietkaart, nie op jou eie nie.

Dit maak my glimlag om te dink daar loop 'n kwaaddoener op die goue strate wat meer weet van genade as 'n duisend teoloë.

Niemand wou eers vir hom 'n gebed of 'n kans gegee het nie. Maar op die ou einde het hy net 'n gebed oorgehad. En op die ou einde is dit al wat hy nodig gehad het.

Dit is die onverdiende genade waarna ons smag elke dag van ons lewe.

## **4. BAIE IS GEROEP, MAAR MIN IS GEKIES**

Die regte interpretasie hiervan is: **Baie is geroep, maar so min het reageer op die uitnodiging.**

Ken jy iemand van wie jy sal sê: "Hy is 'n gebore leier"? Weet jy van iemand wat geseënd is met so 'n wonderlike stem, dat almal sê: "Sy is gebore om te sing"?

As dit so is, het jy al ooit die hartseer gesien as mense nie word en nie doen waarvoor hulle geroep is nie? Daar is defnitief 'n verskil tussen om geroep te wees, om gekies te word en om die uitnodiging te aanvaar.

Jesus Christus gebruik hierdie woorde in **Matt 22:14;** "want baie is geroep, maar min is gekies."

Dis vandag nog net so belangrik. Baie Christene word geroep deur God vir diens, maar so min reageer op die einde op die uitnodiging om werklik in Sy diens te staan.

Baie Christene word al vroeg in hul lewens geroep, ander eers later.

Ek glo die meeste word nog steeds geroep in hulle 20's of 30's.

Tussen die tyd dat 'n Christen die eerste keer geroep word vir diens, en die tyd wanneer hy werklik deur God aangestel word, verloop daar altyd 'n tydperk.

Hierdie tydperk is 'n tyd van toetsing.

Die tyd van toetsing is baie meer intens vir hulle wat geroep word om 'n verantwoordelike diens te moet verrig.

Slegs dié wat die toets slaag sal op die ou einde gekies word om deur God gebruik te word om die oes in te samel.

Dis tog ons grootste begeerte om waardig te wees vir dienswerk.

Dis belangrik om daarop te let daarop dat hierdie hele roeping en kiesing nie net gaan oor persone wat voltyds in die bediening staan nie.

Almal word geroep, want die gawes in vir almal wat glo.

In die boek Rigters lees ons van **Gideon**.

Hy blaas op sy trompet en roep die volk van Israel op tot diens teen die Midianiete.

32,000 manne antwoord op sy uitnodiging.

Gideon vat al hierdie manne deur 'n tydperk van toetsing soos deur God bepaal.

Toe die toets klaar was, is daar net 300 manne oor.

Minder as een persent van die geroepenes het die toets geslaag en is gekies vir diens.

Ek glo hierdie syfer is heel moontlik nog net so laag vandag.

God se wysheid word gesien in die uitkoms van hierdie verhaal.

Gideon kon meer uitrig met 300 getoetsde en ge-dissiplineerde manne as wat hy met die 32,000 volgelinge kon verrig.

In God se diens is dit vandag nog so.

Een getoetsde, geoefende, gedissiplineerde dienskneg van God is meer werd as 'n honderd Christene, wat maar net lidmate in die kerk of in 'n organisasie is.

Die vooruitgang van die koninkryk van die hemele het nog altyd op kwaliteit gerus en nie op kwantiteit nie.

Ek glo dat een van die belangrikste dinge vandag is om dissipels te maak – dit was alreeds so in Jesus se tyd.

In Jesus se tyd, aan die einde van sy bediening, het Hy duisende volgelingen gehad, maar op die einde voor sy kruisiging, was daar net die elf dissipels by Hom.

Na Sy opstanding verskyn Jesus Christus op een plek aan meer as 500 man (**1 Kor 15:6**).

Almal word deur Hom genooi om te wag vir die uitstorting 3 van die Heilige Gees.

Die dag toe dit werklik gebeur, was daar net 120 in die bokamer bymekaar.

Almal moes die uitstorting ervaar het om so die krag te ontvang om uit te gaan as getuies, maar net 120 was daar om toegerus te word.

## **WAT IS DIE TOETSING VOOR DIE DIENSWERK KAN BEGIN ?**

Daar is twee maniere waarop God Christene toets vir hulle dienswerk.:

- \* Deur toe te laat dat dinge hard en moeilik word, óf
- \* deur toe te laat dat dinge maklik word.

In die gelykenis van die saaiër in **Markus 4**, praat Jesus van die saad wat op rotsagtige plekke geval het.

In **Markus 4:17** vergelyk Hy dit met Christene wat “geen wortel in hulleself het nie, en hulle is net vir ‘n tyd” En later: “en as daar verdrukking of vervolging kom ter wille van die Woord, struikel hulle dadelik”.

Ook vergelyk Hy die saad wat in die dorings geval het, met ander Christene.

### **Markus 4 18-19;**

Hier sê Hy: "en as die sorge van hierdie wêreld, en die verleiding van die rykdom en die begeerlikhede kom, dan verstrik hulle, en word onvrugbaar".

Sekere Christene is net nie bereid om opposisie, vervolging, eensaamheid en aanslae te verduur nie.

Andere weer kan nie standvastig bly in 'n wêreld van gemak, rykdom, populariteit en sukses nie.

In die tyd na toetsing moet sy volgelinge kan bly staan en nie oorhel na een van hierdie kante toe nie.

Die Bybel waarsku ons Christene voortdurig om te verwag om toetse deur te gaan.

### Hoor wat sê **Jakobus 1:2-3;**

"Ag dit loutere vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoeking val, Omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid werk".

Daar is geen kortpad na outoriteit toe nie.

Dis 'n proses waardeur elkeen van ons moet gaan in ons strewe na heiligmaking.

### **1 Petrus 1:7;**

"en al is julle onder allerhande beproewinge.

Sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan, maar deur vuur gelouter word".

Intensiewe toetsing is deel van die hele leerproses van Christene, en is daarom nie vreemd nie, maar word deur God toegelaat.

My vriend: hoe gaan ek en jy waardig bepaal en gevind word vir dienswerk, as die geringste en kleinste struikelblok vir ons 'n hindernis is ?

Ons is geroep, maar lewe ons so dat ons gekies kan word ?

## **VOORBEELDE VAN GETROUWEN MANNE IN DIE WOORD:**

Die eerste een is **JOB:**

Hy was godvresend en getrou, maar toetse kom om hom op 'n dieper vlak te laat beweeg – in 'n dieper verhouding met die lewende God.

Wat sê Job oor die toetse wat hy moes slaag ?

**Job 23:10-12;**

“want Hy weet hoe my wandel is; as Hy my toets, sal ek soos goud te voorskyn kom.

Aan sy voetstap het my voet vasgehou; sy weg het ek bewaar sonder om uit te draai.

Van die gebod van sy lippe het ek nie afgewyk nie; die woorde van sy mond het ek bewaar, meer as my eie wet”.

Wat het hom bewaar?

Sy hele houding teenoor God se Woord.

Hulle wat God se Woord bewaar in hierdie tye, sal altyd as oorwinnaars ander kant uitkom.

Die tweede een is **JEREMIA:**

Hy het groot toetsing in sy lewe verduur.

Jeremia was baie jonk toe God hom geroep het.

Inteendeel, Jeremia self het gedink hy is te jonk om so vroeg al as 'n profeet op te tree. (**Jeremia 1:6**)

Wat is een van die grootste toetse wat jong mense moet deurgaang?

Om alleen te wees. ('loneliness')

Om die tye van alleenheid te verwerk.

Hulle getrouheid aan God hou hulle weg van plekke vol van leë wêreldse plesier en aktiwiteite'

So dikwels voel hulle afgesny en beperk.

Hulle voel tog alleen as hulle weet dat ander jong mense uitgaan om hulself te geniet, maar dis ook hier waar hulle gesien het hoe ander jong mense val..



Wat was die prys op die einde?

Jeremia is baie vroeg geroep.

Hy het die toets geslaag – en word gekies om as profeet te dien – een van die grootstes in die geskiedenis.

Die derde persoon: **MOSES:**

Hy word vroeg geroep, en skielik is sy toetse heeltemal anders.

Hy word groot in die paleis en word grootgemaak om later koning te word na Farao.

Sy grootste toets: wêreldse posisie en faam.

Hy word blootgestel aan al die rykdom, mag, kultuur en 6 die luukshede van Egipte.

Hy moes 'n keuse maak.

Hy kies om nie te val vir alles wat die wêreld hom wil gee nie.

Hy weet hy is nie daarvoor geroep nie.

Die oomblik dat hy 'n keuse maak om uit te stap, word hy deur sy eie mense verwerp, en vervolg deur Farao.

Sy keuse neem hom vir 40 jaar wildernis toe – in armoede en alleenheid.

Moses deurstaan al hierdie toetse, want hy het nooit toegelaat dat die rykdom van die wêreld hom kon laat wegdraai van die roeping om God te volg nie.

Hy het al die tyd geweet: My beloning gaan eendag groter wees as tydelike rykdom en mag.

In geloof verlaat Moses Egipte.

Hy was nooit bang vir Farao nie, want sy oë was gevestig op sy voorsiener, God self.

So baie jong mense vandag word nog verblind na hulle roeping.

Hulle sien nie hierdie groot beloning raak nie.

Hulle sien nie nou raak wat hulle eendag in die Gees sal kan doen nie.

Dit neem vaders – goddelike vaders om hulle op hierdie pad te vergesel. Om hulle te help om hulle oë gevestig te hou.

## **WAT DAN IS DIE ROEPING VAN GOD ?**

Die roeping is dit wat ek en jy nastreef, nadat ons geroep is. Dit is die dienswerk waarvoor ons voorberei word.

**Ons doel:** Almal wat ooit geroep word, moet so lewe dat hulle gekies word om in hulle roeping te kan staan.

Die Bybel gebruik kragtige woorde om hierdie roeping te beskryf: 7

### **1. Dit is `n hoë roeping: (*Fil 3:14*)**

Hierdie is op `n ander vlak as enige ander belange of daad in jou lewe.

In `n Christen se lewe sal niks ooit belangriker wees as God se roeping nie – nie jou werk, jou huis of aardse belange nie.

Hoor wat sê Jesus in ***Luk 14:26***;

“..As iemand na My toe kom, en hy het my nie lief as sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie..”

### **2. Dit is `n heilige roeping: (*2 Tim 1:9*)**

Hierdie roeping is heilig en moet ten alle koste weggehou word van kompromieë of besoedeling.

Dit vereis `n toegewyde lewe en tyd van gebed.

### **3. Dit is `n hemelse roeping: (*Heb 3:1*)**

Die stem wat ons roep tot dienswerk kom vanuit die hemel – dit is die stem van die Almagtige God.

Hierdie stem het al die outoriteit van die wêreld agter hom.

As hierdie stem jou roep, hoef jy nie vir ander mense te gaan vra of dit God was nie, jy sal weet !  
Sonder jou af, dat jy die roepstem mooi kan hoor.

Ongelukkig is dit so vandag dat as God jou roep, jou eerste reaksie is om ander te vra wat hulle opinie is.

Vrae kom skielik op:  
Wie sal my stuur ?  
Waar gaan ek die finansies kry vir 'n bediening ?  
Skielik begin ek twyfel.

### **Die resultaat ?**

God se roepstem word gou stilgemaak deur die opinies van mense.

Vir die Christene wat regtig ook gekies wil wees, en nie net by die roeping wil bly nie, is daar 'n aanmoediging:

### ***1 Thessalonicense 5:24;***

"Hy wat julle roep, is getrou;  
Hy sal dit ook doen".

As ek en jy alles doen wat Vader van ons verwag, sal die begin en die voltooiing van jou roeping, deur God alles self gedoen word.

### **4. Moenie uitstel nie:**

Laastens, die roeping is dringend, moenie dit uitstel nie.  
Die roeping is nie gekoppel aan tye en omstandighede nie – en definitief nie net wanneer dit jou pas nie.

### **Onthou:**

Die duiwel sê: 'more.'  
God sê: 'vandag.'

Eendag as jy voel jy is nou eers gereed, het die stem dalk al stilgeword.  
Die uur van die geleentheid is verby.

Of jou roeping net in die algemeen is, of baie spesifiek – gaan daarvoor.

Leef jou totaal uit in die koninkryk – dit het naby gekom.

Moet nie dat jou naam eendag êrens gevoeg gaan word by die lys wat sê:

**'Baie is geroep, maar min is gekies'** nie.

## **5.DIE EENVOUDIGE EVANGELIE**

Oor jare het die kerk die neiging ontwikkel om die aanbieding van die Evangelie moeilik te maak.

Elke keer as ons die lewe van 'n Christen voorstel, of hoe om as 'n Christen te lewe, het ons altyd 'n lys van moets en moenies.

Dis hoekom Christenskap genoem word die geloof van die "jy mag nie".

### **Maar hoe klink die eenvoudige evangelie dan?**

1. God het die mens geskape.

Mens het nie God geskape nie – al dink sommige psigoloë so. God skape die mens na Sy beeld om soos Hy te wees.

2. God gee aan die mens die reg om te heers op aarde, oor die hele skepping en alles wat daarop is - om in totale beheer te wees, en alles aan hom te onderwerp.

3. Mens gee hierdie reg om te heers oor aan Satan deur hulle eie wilsbesluit en ongehoorsaamheid en sonde.

Nou nog verloor mens die reg om te heers as hy sonde toelaat in sy lewe.

4. God besluit om die volle prys te betaal vir mense se sonde.

5. Om dit te kon regkry beteken dit dat die sonde-las van mense weggeneem moes word.

Dit kon alleenlik deur die offer van bloed gedoen word.

Die hele skepping se sonde kon slegs uitgewis word deur die bloed van iemand wat perfek is en sondeloos is.

6. Omdat al die mense ge-infekteerd is deur die vloek van die "vader" van die mensdom, Adam, kon normale sondige mense nie rein genoeg wees om hulle eie sonde self te verwyder nie.

7. Jesus Christus kom in die vlees en kom woon onder die mense op aarde.

Hy wat die perfekte beeld van God was, was heilig en rein 2 genoeg om die volle prys te betaal.

Hy was die perfekte rolmodel vir almal.

8. Jesus Christus kom leef op aarde `n lewe as `n voorbeeld en kom wys hoe `n Gees-vervulde mens eintlik moet lewe.

9. Jesus Christus word gekruisig, begrawe en staan op uit die dood.

Dit is ook `n voorbeeld van wat met elkeen van ons ook moet gebeur: Na wedergeboorte moet ons die vlees kruisig – ons sondige natuur, dan begrawe word in die doop en lewendig gemaak word in `n nuwe lewe, gewy aan God.

10. Jesus Christus se dood het gekom om die effek van die sonde te kanselleer.

Sy bloed het vir ons redding van ons sonde gebring, en Sy gebreekte liggaam het vir ons genesing aan ons liggame gebring.

Daarom moet ons Sy redding en vergifnis aanneem, en Hom as ons Saligmaker aanvaar.

11. God verwag van die hele mensdom om te lewe in oorvloed, vry van die vloek.

Enige iemand wat sy sonde bely en homself bekeer, kan gered word en gesond wees – geestelik en fisies - aan sy liggaam ook.

12. God sal vir jou enige iets doen wat jy Hom vra, solank as wat jy alles sal doen wat Hy vir jou vra om te doen.

13. Dit is God se wil om homself aan ons te openbaar en om ons na Hom toe te trek.

14. Die Bybel is God se Woord en is Sy wil vir ons.

Die Heilige Gees kom in saam met Jesus Christus in jou lewe om jou te lei, te troos, te leer en jou in die volle waarheid in te lei.

Die Gees van God sal jou nie iets laat doen wat die Woord van God verbied nie.

Die Heilige Gees sal jou ook nie verhinder om iets te doen, wat die Woord van God sê jy mag doen nie.

As jy aan iemand wil goed doen omdat die Woord so sê, sal die Heilige Gees jou nie verhinder nie.

15. God roep nie mense om motorhandelaars of bankklerke te wees nie.

Hy roep mense om getuies en evangeliste te wees in die motor- nywerheid en in bank en in die winkel op die hoek.

As jy jouself as enige iets anders sien **as 'n sendeling** in die wêreld waarin jy is, is jy nog nie werklik geroep nie.

'n Werklike Christen wil primêr sien dat die wêreld om hom, moet ontvang dit wat hy ook gevind het.

As jy nog nie 'n behoefte het om dit wat met jou gebeur het met andere te deel nie, het jy moontlik nog niks regtig gevind wat die moeite werd is om te deel nie.

16. God het meer geloof in jou as jyself, en meer geloof in jou as wat jy in Hom het.

Dis hoekom Hy jou behandel soos wat Hy doen.

Hy het soveel geduld met ons!

Al wat Hy graag wil sien in jou lewe is dat jy in oorwinning moet lewe.

Hy stel nie daarin belang as jy net maak of optree asof jy reg is nie.

Hy stel ook gladnie daarin belang as jy net vir jouself wil leef nie.

Wat vir my moontlik is as 'n individu, is my vermoë om te glo. As ek glo in iets sal dit vir my moontlik wees om dit te doen.

17. Jou doel op aarde is om soveel heerlikheid en aanbidding aan God te gee as moontlik deur wat jy sê en wat jy doen.

Hy wil graag met jou kommunikeer en praat soos 'n man met sy vrou.

18. God verwag van jou om dit wat Hy in jou belê, deur jou gebruik moet word.

Onthou: Hy sal nooit vir jou iets gee as Hy nie verwag jy moet iets daarmee doen nie. Ek wil nooit in my lewe beperk word as dit nie God is wat my beperk nie.

19. God verwag van jou om te leef soos wat die Gees dit wil hê en nie volgens die wette van die vlees nie.

Die enigste ding wat jou kan beperk, is dit wat jyself toelaat.

Werklike oorwinnaars is net gewone mense, hulle veg net vyf minute langer.

20. God het 'n begeerte om ons eendag te vergoed vir dit 4 wat ons vir Hom doen.

Die Kroon wat ek en jy gaan kry gaan nie goedkoop en maklik bekom word nie – onthou, dis duur gekoop, met bloed.

21. Soms kry ek die idee dat Christene bang is om foute te maak, daarom doen hulle liewers niks nie.

Dis ongelukkig die grootste fout van hulle lewe.

As jy ooit iets verkeerd doen, onthou, God is groot genoeg om dit te herstel.

As jy niks doen nie, kan Hy ook niks doen nie.

Onthou die gelykenis van die talente.

Dié wat gewoeker het, het 'n sekere vergoeding ontvang.

Wie het in hierdie gelykenis 'n kans van God gekry? Elkeen – volgens sy behoefte.

Elkeen van ons kry daaglik 'n kans om iets vir God te doen.

Hy het ons dan toegerus om dit te doen.

Hierdie “doen” is egter 'n keuse.

22. Elke Christen het 'n bediening.

Elkeen moet ten minste besig wees om 'n jonger persoon te leer wat die regte weë is.

Die grootste hoeveelheid tyd wat ek ooit gemors het, is die tyd wat dit my geneem het om aan die gang te kom.

23. God het nooit veronderstel dat kerk 'n plek moet wees nie.

Hy het van die begin af bedoel dat dit mense sal wees.

Sy doel bly nog altyd dat ons 'n liggaam moet wees wat voortdurend besig moet wees om te verander om soos Hy te wees.



24. Verwag van God om groot in jou te wees.  
Droom groot. Doen groot goed vir God.  
Daar's nog altyd te veel mense wat klein goedjies vir God wil doen. Nee. Hy het mense nodig wat groot goed vir Hom moet doen.

Doen goed wat mense se lewens verander.  
Doen die goed wat jy dink Hy sou gedoen het as Hy nou hier was.  
Gaan groot!  
Vergeet wat mense van jou dink en sê.

Hulle het sulke goed oor Jesus ook gesê toe Hy op aarde was.  
Almal sal jou altyd kritiseer, tot die dag dat hulle jou nodig het!

Almal sal altyd sê dat dit wat jy leer, pas hulle nie, totdat hulle tienerseun in dwelms verval en wil selfmoord pleeg, óf hulle graad elf dogter swanger raak en 'n aborsie wil laat doen, dan hardloop hulle vinnig na jou toe.

25. Kom uit jou dooie godsdiens uit.  
Kom in 'n regte verhouding met Christus.

Hoe weet jy jy is nog in dooie godsdiens?  
Jy sal weet, deur die manier waarop jy **dink**.  
As jy altyd loop en dink dat jy nie dit of dat kan doen nie, en loop en dink of dit regtig God se wil is of nie, is jy nog in dooie godsdiens.

**Dooie godsdiens** het nog altyd gesê: "Ek dink nie ek kan dit doen nie, want sê nou God hou nie daarvan nie."

**Lewendige godsdiens** sê: "Wat kan ek vir U doen o God, net om te wys hoe lief ek regtig vir U is? Praat net, en ek doen dit."

26. Jesus het kom sê dat dit God se wil is dat ons aan andere moet doen dit wat ons wil hê ook aan ons gedoen moet word. As jy siek is, en jy sal wil hê iemand moet in die kerk net opstap na jou toe en vir jou siekte bid, dan is dit presies wat jy moet begin doen: stap op in die kerk na iemand, en bid vir hom as hy siek is.

As jy werklik alleen en mismoedig is en niemand het om jou te help nie, en so wens dat iemand na jou toe sal kom en jou troos en bemoedig en help, dan is dit presies wat jy moet begin doen:

soek iemand wat alleen en mismoedig is en gaan na hom toe en troos en bemoedig hom.

Het ons die boodskap?

Die stappe na 'n lewe in oorvloed saam met Jesus kan so saamgevat word.

Die belangrikste is om te weet dat ek en jy volg vandag die God van die onmoontlike.

Ek, 'n gewone mens, ver van perfek af – vir my om te dink dat alles wat ek aanpak, dat dit net 'n sukses sal wees, is vergesog.

Maar, daar is drome en visies oor dinge wat nog kom.

Ek het een groot wete: vir God is alles moontlik, en Hy sê weer vir ons: "As julle in My is, is alles **vir julle** moontlik."

**Clement Stone** was 'n baie suksesvolle sakeman.

Daar word aan hom gevra: "Hoe het jy dit reggekry om so baie in jou lewe te kon doen?"

Sy antwoord: "Ek het gedroom. Ek het in my gedagtes sekere dinge kon sien – dinge wat ek nog wou bereik.

Saans het ek bed toe gegaan en gedink aan my drome.

In die nag het ek gedroom daarvoor.

En as ek in die oggend wakker word, het ek geweet hoe om by my drome uit te kom.

Terwyl ander mense vir my kom sê het: 'Jy kan dit nie doen nie, dis onmoontlik', was ek oppad om dit te bereik waarvoor ek gedroom het."

Mense, dit waarvoor ons elke dag moet droom - dit bring lewe en doelgerigheid en sin in ons lewens.

Ons moet weet waarheen ons oppad is.

Sonder dit sal die lewe saai en oninteressant wees.

Daar is 'n groot studie gedoen onder konsentrasiekamp-oorlewendes.

Hulle wou kyk waarom sekere mense nie geval het met siektes en in depressie en ellende nie, terwyl die oorgrote meerderheid om hulle net oorgegee en gesterf het.

Die studie het getoon dat hulle wat aanhou hoop het en aanhou droom het, ten spyte van hulle omstandighede, dié is wat dit gemaak het.

**Victor Frankl** was so 'n man.

Hy is vir lank deur die Nazi's in gevangenisskap gehou.

Baie jare later, terwyl hy 'n groot groep uitgesoektes en hooggeplaasdes toegesprek het, het hy gesê:

"Daar is net een rede hoekom ek vandag hier is.

Wat my aan die lewe gehou het in die kamp, was julle.

Julle wat nou hier voor my sit.

Andere het opgegee, maar ek het gedroom.

Ek het gedroom dat eendag sal ek hier staan, Victor Frankl, en vir julle vertel dat ek die kampe oorleef het.

Julle moet weet: ek was nog nooit voorheen hier gewees nie en ek het niemand van julle ooit voorheen gesien nie en ek het hierdie toespraak nog nooit voorheen gegee nie.

Terwyl ek nog in die kamp was, was ek egter so seker dat ek dit gaan maak, dat ek dit ook gedroom het.

In my drome het ek voor julle gestaan, en hierdie woorde wat ek nou sê, duisend keer opgesê!”

**Langstone Hughes** het gesê:

“Hou vas aan wat julle droom, want as drome doodgaan, is die lewe soos `n voël met `n gebreekte vlerk – hy kan nooit vlieg nie.”

**Die vraag is:**

Is die eenvoudige evangelie genoeg?

**Ja, dit is.**

Na jare se sondige lewe sonder Christus, is ons vandag “nuwe mense.”

Die vraag is al gevra: “Is die bloed van Jesus genoeg?”

Die antwoord daarop: **1 Johannes 1:9**

Al was daar soveel sonde in my lewe gewees en al het ek soveel sondige dinge gedoen, die Bloed van Jesus het elke stukkie daarvan weggewas.

**Ja, die Bloed van Jesus is genoeg.**

## **6.DIE SKOOL VAN DIE LEWE**

Die skool van die lewe bied soms moeilike kursusse aan, maar dis in hierdie kursusse wat jy die meeste leer – veral as jou leermeester die Heilige Gees self is.

### ***Psalm 32:8;***

'Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.'

In hierdie skool sal daar altyd toetse wees wat jy moet deurkom.

Toetse om jou toe te rus om hoër te gaan.

### ***Jakobus 1:2-3;***

'Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoeking val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk'.

Baie keer op die pad van die lewe kom jy by 'n punt waar jy werklik dink jy gaan dit nie maak nie – 'n punt wat vir jou soos die einde voel.

Dan roep jy uit: "Vader, ek gaan dit nie maak nie.  
Nie nog een dag nie!"

Dis op hierdie punt, as jy voel jy gaan sterf en jy staan by die deur van die ewigheid, dan sien jy dinge anders as wanneer jy voel jy het nog 'n lang lewe voor.

Skielik is jy by 'n plek waar dit voel asof alle deure net toe is.

Op die einde moet jy net kan sê soos in

### ***Psalm 23:4;***

'Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.'

Dit is hier waar Jesus die naaste aan jou kom, om jou hand te vat en jou deur te lei.

Dit is wanneer jy voel en weet: "Ek is vry."

Onthou Jesus se woorde aan die kerk in Filadelfia:

**Openbaring 3:8;**

'Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie.'

Dit is in die skool van die lewe waar ons geloof getoets gaan word.

**Hebreërs 11:8;**

'Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom'.

In jou lewe sal jy gou agterkom dat hierdie die eerste lesse gaan wees om volkome op Hom te vertrou.

Jy sal moet begin glo dat, waar Hy jou ook al neem, dit goed sal wees.

Daar gaan altyd 'n prys wees om te betaal en altare om te bou. Dit is ook wanneer God instap en vir jou sê: 'omdat jy gehoorsaam was, open Ek nuwe dinge vir jou in jou lewe.'

In die lewe is daar altyd 'n tydperk waar jy nie mooi gaan verstaan wat aangaan nie.

Soveel keer verstaan ons nie die dinge wat God toelaat nie en verstaan ons nie hoekom sekere goed met ons gebeur nie.

**Die Heilige Gees:**

Daar kom 'n tyd wanneer jy meer moet ontvang van die Heilige Gees – 'n vergroting van jou kapasiteit vir Sy teenwoordigheid. 'n Groter teenwoordigheid met 'n groter kragdimensie.

God vul nie mense met Sy Heilige Gees wat glo dat daar 'n groter vervuldheid moontlik is nie – Hy vervul dié wat aan Hom gehoorsaam is.

Daar moet so 'n groot behoefte en dors wees aan meer.

Ek self het by die plek uitgekom waar ek gesê het: "Ek, sonder die teenwoordigheid van die Heilige Gees, kan nie in totale oorwinning wees nie."

## **Wat is die prys daarvoor ?**

Liefde – onvoorwaardelike liefde.

Ek het lank gesoek na die antwoord en besef dit kom deur gehoorsaamheid.

Om rein van hart en in alles gehoorsaam te wees – dis die prys.

## **Wat is die lesse wat jy leer in die skool van die lewe?**

### **1. Vergifnis:**

In my lewe moes ek dit ook gedoen het – en ek het dit geweet. Die boodskap dat God jou kan vergewe, het 'n voorwaarde daaraan: dat ons ook moet vergewe hulle wat ons seergemaak het.

Hierdie is 'n opdrag, nie 'n keuse nie – dit moet verander in 'n daaglikse manier van lewe.

Dié wat dit kan regkry om volkome te vergewe en klaar te maak met ou vyande, hulle sal dit regkry om uit te stap en hulle lewe weer herbou, maak nie saak hoeveel fisiese en emosionele littekens daar oorgebly het nie.

Hulle wat aangaan en hulle seer vertroetel en wegsteek en ontken, sal kreupeles bly vir die res van hulle lewe. Dit is so eenvoudig en wreed as wat dit is.

Soms moes ek ook net stilwees.

Die mense wat ek moes vergewe, het voor my gestaan.

Daar staan jy met 'n koudheid wat jou hart vasdruk.

Maar jy weet vergifnis is nie 'n emosie nie – dis 'n doelbewuste optrede.

En weet die wil kan werk, maak nie saak wat die temperatuur van die hart is nie.

Bid net: "Jesus, help my!"

Dan roep jy uit: "My broer, my suster, ek vergewe jou met alles wat in my is!"

## **Wat gebeur na vergifnis?**

Skielik voel jy God se liefde so intens.

En jy weet dis nie jou liefde nie.

Jy het soveel keer probeer, maar het nooit genoeg krag gehad om dit alleen te doen nie.

Dit is die krag van die Heilige Gees – want Hy is gegee om ons harte met liefde te vul.

## **God neem nie weg nie.**

### **Die verhaal van die ouer vrou en die jong meisie.**

Die ouer dame is al vir `n lang tyd `n sendeling.

Die jong meisie het sopas `n groot liefdesteleurstelling gehad.

Die meisie vra: "Hoekom is jy nooit getroud nie tannie?"

Sy antwoord: "Die Here het `n ander plan vir my lewe gehad".

Die meisie: "Maar het jy ook ooit verlief gewees en die liefde verloor soos wat ek het?"

"O ja" sê die vrou, "ek ken die pyn van `n gebroke hart".

Die meisie hou vol: "Ja, maar jy was seker sterk.

Jy was seker tevrede dat God so met jou lewe gemaak het?"

Die vrou: "O nee, ek was eers baie opstandig.

Ek was 23 jaar oud.

Ek was lief vir `n man en ek was seker hy was lief vir my ook.

Maar ek het geen geld gehad nie en toe trou hy met `n ryk meisie.

Sy familie wou dit so gehad het.

Dit was so seer, ek kon nooit weer liefhê nie.

God het my gevat en my begin gebruik in die sendingveld, en vandag is ek tevrede en gelukkig."

"Maar jy het liefgehad en dit verloor!" roep die meisie.

"Glo jy dat God jou liefde weggevat het?"

Die vrou sê: "O nee, God neem nooit weg nie.



Hy mag van my verwag om my rug te draai op iets of iemand wat ek nooit moes gehad het nie.

Nee, God vat nooit weg nie, inteendeel, Hy gee altyd.

As ek iemand vir myself vat en God tree tussen in, beteken dit nie dat God neem nie.

Dit beteken eintlik dat Hy my beskerm het van iemand wat ek nooit moes gehad het nie, want Hy het 'n baie groter plan vir my lewe gehad".

Ons moet altyd ons oë oophou vir die beter plan in ons lewe.

**Onthou:** Geluk word nie net altyd gevind in die huwelik of in die werk of in die bediening nie – geluk word gevind deur veilig en in die plan te wees van Jesus Christus.

## **2. Hou op om aan die verlede te dink.**

Laat al die ou mislukkings en al die ou drama's gaan.

**Selfbejammering** is die "superglue" uit die hel uit.

Dit plak jou net vas aan 'n ou plakboek en die verlede.

Kry al jou gedagtes gefokus op Christus.

## **3. Die krag van die Heilige Gees:**

In my lewe was daar ook 'n tyd toe daar 'n groter

teenwoordigheid van die Heilige Gees gekom het.

Met Sy teenwoordigheid het 'n kragdimensie begin.

Dit gebeur wanneer jy die lyn oorsteek – 'crossing the line of life'.

Met die groter krag, was daar baie meer verantwoordelikheid.

Jy sal leer:

Wanneer jy begin bedien in die Naam van Jesus Christus, moet jy baie seker wees dat jy in volkome heelheid beweeg.

Jesus self het aan sy volgelinge opdrag gegee om nie in Sy

Naam te bedien, sonder om in Sy krag te wees nie.

Nou, of ek loop in die helder sonskyn van sy teenwoordigheid, of skuil in die skadu van die Almagtige, ek weet dat Hy nie net saam met my is nie, Hy is in my.

**1 Johannes 4:4;**

'en hulle het oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is'.

#### **4. Om te kan staan vir Christus:**

Corrie ten Boom vertel die storie dat toe sy nog jonk was, het sy altyd na haar pappa toe gegaan en gesê:

"Pappie, ek is so bang dat ek dalk eendag nie sterk genoeg sal wees om 'n martelaar vir Jesus te wees nie".

Haar vader antwoord: "Sê vir my, wanneer jy op die trein van Haarlem na Amsterdam toe moet reis, wanneer gee ek aan jou die geld om die kaarjie te gaan koop. Drie weke voor die tyd?" Sy antwoord: "Nee, Pappie gee altyd die geld net voordat ek op die trein moet klim."

Hy sê: " Dis reg so. So is dit ook met God, my kind.

Onse wyse Vader weet wanneer ons dinge gaan nodig hê.

Vandag het jy dalk nie die krag nodig om 'n martelaar te wees nie, maar wanneer jy geroep word vir Sy eer en moet sterf, sal Hy jou al die krag gee wat jy nodig het – net in tyd! "

#### **5. Outoriteit oor die bose.**

**Mattheus 6:13;**

'en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.'

Soos ons aanhou groei, sal die aanslae en die uitdagings kom.

'n Prediker sê nou die dag: " Ons almal ken God se beloftes en God se opdragte, maar wie van ons was nog ooit gewillig om die skrif in **Markus 16:17** uit te voer, wat sê:

'En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf?'

In my geestelike skool oor jare het ek soveel geleer en ook eendag Sy beloftes begin gehoorsaam.  
Ek het soveel van die demoniese en soveel bevrydings gesien en gedoen – net omdat God wil hê ons moet glo en doen wat Hy sê.

Dit is so tragies om tussen mense te wees, veral manne van die kerk, wat net nie kan sien en glo dat om ons nie net engele is nie, maar ook bese geeste – kragte van die duisternis.

Jy weet, wanneer die teenwoordigheid van bese geeste in die heidene gesien word, word dit altyd as bygelowigheid of onkunde afgemaak, maar die tragedie is dat die onkunde eintlik aan die kant van die kerk is.

Die kerk word grotendeels verblind deur die prins van die lug se kragte – wat die openbaring in die Skrif oor sataniese magte, net nie kan raaksien nie.

Dieselfde geld vir 'n stad, 'n skool en selfs die kerk: As Jesus nie heers as die totale oorwinnaar nie, dan heers daar duisternis.

**Jy moet weet:** jy moet die vyand kan onderskei en kan raaksien, ten einde hom te kan oorwin!  
God wil hê dat ons moet oorwinnaars wees oor die kragte van die duisternis – nie net vir die saak van persoonlike oorwinning nie, maar sodat die oes kan sien daar is 'n God !

Die siele moet kan sien dat Jesus triomfeer het - en ek en jy moet hierdie oorwinning demonstreer aan die wêreld.  
In hierdie oorlog sal jy leer dat daar plekke en situasies sal wees, waar jy alleenlik sal kan bly staan deur die bloed van die Lam.

## **6. Oop kanale.**

Gehoorsaamheid is maklik wanneer jy weet jy word gelei deur 'n God wat nie foute maak nie.

Jy word nie vandag geroep om iemand te oortuig nie.  
Jy word suiwer geroep om 'n oop kanaal te wees vir die Heilige Gees van God om deur te vloei.  
Jy kan nooit iets anders wees nie – al dink jy dalk soms so !

Volg net die pad van gehoorsaamheid.  
Laat die Woord van God sy eie werk doen, dan sal jy gebruik kan word deur God, ver bokant wat jy kan sien of dink.

## **7. Die realiteit van die hemel.**

Hemel is nie 'n fabel of 'n storie nie – hemel is 'n voorbereide plek vir voorbereide mense.

### **Afsluit:**

Vader, wat wil U hê moet ek doen ?

### ***Romeine 10:14-15;***

'Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie?  
En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie?  
En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?  
En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos  
geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie  
van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie  
verkondig!'

In die weermag as jy gereed moet maak in daardie valskerm vliegtuie, het die voorganger altyd geskreeu net voordat jy moet spring:

- Aandag!
- Staan by die deur!
- Haak in!
- Volg my!

Amen.

## **7.DIE KONINKRYK IN MY**

### ***Mattheus 28:18-19;***

“En Jesus het nader gekom en met hulle gesprek en gesê:  
Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.  
Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle  
in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees;  
en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”

Dit is wat ek en jy eintlik besig moet wees om te doen – besig om die nasies te doop.

Besig om mense te help om te verander en besig wees om die wêreld te verander.

Die rede waarom ons dit nie doen nie, is dat ons te godsdienstig geword het.

Ons het aangepas by 'n godsdienstige sisteem.

Ons dink God haat sondaars en daarom wil ons ook niks met hulle te doen hê nie.

Ons moet besef dat ons besig moet wees om vir mense te vertel: 'Die koninkryk van God is naby!  
Bekeer julle!'

Die Jode in die ou tyd het die geskifte verkeerd verstaan.  
Hulle het die koms van die Messias en die koms van die koninkryk in die fisiese verwag.

Hulle het geglo dat as die Messias kom, sal hy groot en sterk wees en Hy sal 'n groot koninkryk kom vestig wat die hele Romeinse Ryk sal omver gooi, en hulle sal daarna saam met Hom regeer.

Toe Jesus kom en Hy begin om die evangelie te verkondig, het hulle Sy boodskap gladnie verstaan of geglo nie.  
Net omdat Hy nie as 'n koninklike gekom het nie.

Hulle vra vir Hom: “Waar is dan hierdie koninkryk?”

Jesus antwoord hulle: "My koninkryk kom nie in die fisiese nie. My koninkryk is ook nie hier of daar nie – My koninkryk is in julle.

Ek kom gee aan julle die vermoë om te heers en te regeer."

Op die dag waarop Jesus Sy triomfanklike intog in Jerusalem gemaak het op die rug van 'n donkie, het die pad verby die tempel geloop.

Die optog het die Farisieërs omgekrap omdat dit hulle godsdienstige poging binne in die tempel versteur het.

Die deur gaan oop en 'n priester skreeu vir hulle:

"Wat gaan hier aan? Julle pla die hoëpriester!

Weet julle dan nie wat ons doen nie?

Ons is hier binne besig met 'n baie belangrike gebedsdiens.

Weet julle waarvoor ons bid?

Ons bid vir die Messias om te kom, en julle het die vermetelheid om hierdie lawaaierige optog te hê en ons te kom pla.

Wie is hierdie man op die donkie eintlik?"

Hulle het die uur van besoeking gemis.

Hy was in die dorp en hulle het dit nie eers geweet nie.

Die Messias het by hul deur verbygegaan terwyl hulle binne besig was om te bid dat Hy moet kom.

Die ergste is dat ons ook hier binne besig kan wees om vir Hom te bid, terwyl Hy besig is om buite verby te gaan.

Erger nog!

Die 'binneste' klomp loop Hom mis, terwyl die 'buitenste' klomp saam met Hom gaan!

Kan dit ook met die kerk gebeur?

Weer 'n keer!

'n Geestelike koninkryk beteken koninklike krag.

Dit beteken heerskappy en heers en regeer.

Daarom beteken dit dat elke persoon wat gered is, die reg het op outoriteit, die reg het tot koningskap, die reg het tot koninklike krag

Hierdie reg en krag is vir nou hier op aarde, en verseker nie vir eers as ons in die hemel is nie.  
Ons het geen krag in die hemel nodig nie, maar hier op aarde verseker.

Dis hoekom Satan al sedert die begin van die eeue so 'n erge aanslag gemaak het om hierdie outoriteit teen te staan, en om die uitstorting daarvan te keer.

Hierdie evangelie en hierdie boodskap beteken net vir jou één ding:  
die Koning is in jou.  
Dis onsigbaar en kan nooit vernietig word nie en sal vir ewig bly.

Ons moet altyd besef dat dit wat God hier vir jou gee as geskenk, geen mens of bose gees ooit weer van jou kan wegneem nie.

Ons het koninklike gesag oor siekte, oor die dood, oor die pes, oor die hel en oor die graf – dit is heilige krag.  
So het dit begin en so sal dit eindig!

### **Wat dan is die groot probleem vandag?**

Jy mag voel dat die wêreld probeer om jou te beperk.  
Ons moet losbreek van hierdie beperking wat op ons geplaas word en begin doen dit wat God se doel in ons lewe is.

Ons is hier op aarde die verteenwoordigers en die ambassadeurs van Sy koninkryk, maar die kerk het sy geloof in die Koning van die koninkryk verloor.  
Die gevolg is dat ons maar baie skrikkerig en bewurig en irrelevant geword het.

As jy vandag van die kerke se diakens en ouderlinge neem en jy plaas hulle tussen 'n spul ongelowiges, is hulle irrelevant.

Daar is geen werklike verskil tussen hulle nie.  
Hulle lyk maar ewe vaal.

Die kerk het totaal kragteloos geword.  
Dis geen wonder dat hulle geen indruk maak op die Satan of  
op demone of op 'drug-dealers' of op alkoholiste of prostitute  
nie.  
Die kerk het die groot opdrag van 'gaan maak dissipels' met  
tyd totaal verloor.

Hoe op aarde gaan ons vir hierdie verloregeande wêreld wys en  
vertel dat Jesus Christus opgestaan het?  
Die God wat ons dien is nie 'n pap, lustelose en flou God nie!  
Nee, Hy is die God wat die hele wêreld, die son, die maan en  
die sterre in Sy hande hou.  
Al wat Hy soek is mense met gewillige harte.

Wanneer God 'n mens roep, kom sê Hy:  
"Kom en gaan dood aan jouself."  
As jy nog nie iets gekry het om voor dood te gaan nie dan het  
jy ook nog nie iets gekry om voor te lewe nie.

Daar gaan egter nou 'n tyd kom waar Christene gaan nou  
opstaan en sê: 'Genoeg is genoeg!'  
Hulle gaan opstaan en die krag van die koninkryk begin  
demonstreer.  
Hierdie gaan in elke nasie en land gebeur.  
Dit gaan die groot geestelike oorlog begin waarvoor ons wag.

Jy moet besef: Daar is 'n koninkryk binne-in jou.  
Daar is iets baie gevaarlik in jou!  
Dis so gevaarlik dat Satan nie wil hê jy moet dit ontdek nie.  
Indien jy dit besef, word jy dadelik 'n fisiese en geestelike  
vyand van Satan se agenda.

Die goeie nuus is dat dit van jou en van my afhang om hierdie  
wêreld voor te berei vir die wederkoms!



Maar, die wêreld is vol van **“Kweekhuis-Christene”**:

Ons is soos plantjies wat in sakkies geplant is en in kweekhuise staan.

Daar binne word die temperatuur reguleer, met net genoeg water en die regte voeding en ons groei tog te lekker.

Maar, daar kom `n dag dat hierdie plantjies uitgeplant moet word.

Hulle word uit die kweekhuise uitgedra, die sakkies word afgehaal en hulle word buite in beddings geplant.

Hier moet hulle nou staan en blom en saad maak.

Daar buite waai die wind, soms is dit te koud, soms is dit te warm en die plantjies hou niks daarvan nie!

As jy by so `n bedding verbyloop, hoor jy hulle roep: ‘Vat ons terug, dis nie lekker hier buite nie. Hierdie evangelie is nie vir ons nie!’

Klink dit bekend?

Jy moet begin glo aan die produk wat jy verkoop.  
Jesus het geglo in dit wat Hy adverteer het.

Óf Hy my red of nie – Hy bly die Redder,  
óf Hy my genees of nie – Hy bly die Geneesheer,  
óf Hy my vrymaak of nie – Hy bly die Bevryder.

## **Hoe gaan ons dan oorwin?**

Op `n dag besef jy dit ook: Daar moet iets meer wees.  
Ek glo jy moet desperaat wees vir `n ontmoeting met God – dis die roeping wat hy in ons geplaas het.

Ons moet een ding besef:

God gaan nie Sy Gees uitstort waar Hy nie honger aantref nie.  
Honger beteken dat jy ontevrede is hoe jy nou sonder Sy krag en Sy volheid lewe.

God kom terug om Sy kerk weer in besit te neem, maar daar moet `n honger en `n dors in jou wees.

Hy wil homself aan ons kom openbaar.  
Kom ons soek Sy teenwoordigheid.  
God is moeg om die tweede plek in te neem teenoor alle ander dinge in ons lewens.  
Hy is selfs moeg om tweede te wees in ons kerk en in ons kerkprogram.  
Ons leef te dikwels op 'n laer vlak as wat God vir ons bedoel het.  
Wanneer Hy dan skielik opdaag, is dit vir ons 'n groot skok.  
Dis tyd dat ons bevry moet word van dooie godsdiens en dat ons so honger sal raak vir God dat niks anders sal saak maak nie.  
'n Suksesvolle lewe gebeur nie net nie, dit word gebou.

## **Die huis van Brood:**

Die prioriteit van God se teenwoordigheid het verlore gegaan in die kerk.  
Die kerk is die 'Huis van Brood', maar daar is nie meer brood in die 'Huis van Brood' nie.

Ons is soos bakkerie wat oop is, maar geen brood het nie.  
Verder nog: ons is nie geïnteresseerd daarin om brood te verkoop nie.  
Ons hou net van die geraas en die gepraat wat aangaan rondom die koue oonde en die leë rakke.

Om die waarheid te sê: ek wonder of ons ooit weet of Hy hier is, of nie, en as Hy hier is, wat doen Hy?

Die rede waarom mense hulle 'Huis van Brood' verlaat is net omdat daar geen brood meer is nie.  
Deesdae is dit so algemeen dat mense kerke verlaat of vermy.

Hulle het weggegaan en iewers anders heengegaan op soek na brood.  
Ek kan jou vertel waarom mense in hulle duisende na kroë, klubs, die 'New Age' en spiritisme stroom.  
Hulle probeer net om 'n greep op die lewe te kry en te oorleef, want ge-ordende kerk het hulle gefaal.

Mense het keer op keer na die 'Huis van Brood' gekom om slegs te vind dat daar eenvoudig net te veel van die mens aanwesig is, en te min van God.

Ons sing en praat oor die heerlikheid van God wat die aarde gaan vul en gaan bedek, maar hoe gaan dit deur die strate van die wêreld vloei, as dit nie eers in die gange van die kerk kan vloei nie?

Dit kan nie – net agv. die louheid en koudheid wat daar heers.

Die belangrikste opdrag is tog dat daar 'iets' moet gebeur. Dit moet iewers begin en dit moet nie 'daar buite' wees nie, dit moet hier 'binne-in' ons kerke wees.

Die kerk is tog immers geroep om dit te begin.

### **Hoe gaan mense weer saamvloei en saamloop?**

Dit sal gebeur op daardie oomblik wanneer hulle weer die Brood van Sy teenwoordigheid in die kerk proe.

Herlewing sal uitbreek onder almal wanneer hulle hoor dat daar is werklik brood in die huis.

Hulle sal deur ons deure stroom na die geur van warm, varsgebakte brood uit die oonde van die hemele.

**Kom ons gaan uit en doen dit!**

## **8.IS JY WERKLIK GERED?**

'n Paar jaar gelede sit ek in Engeland en praat met mense oor die koninkryk van Jesus Christus.

'n Vrou wat ook daar sit wil toe van my weet waarom ek dan so radikaal is.

My vraag aan haar: 'Margaret, do you think you will go to heaven one day?'

Sy antwoord: 'Of course, I'm British!'

Sy sê die kerk het haar geleer dat sy hoef nie gereeld kerk toe te gaan of enigiets verder te doen nie, sy is gered om dat sy in die Anglikaanse Kerk is en daar gedoop is as 'n kind.

Dit laat my nou die vraag vra: **'Is jy werklik gered?'**

Net voordat Jesus Christus opgeneem is het Hy gesê:

**Markus 16:15 -17;**

'En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.

Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

En vir **die wat geglo** het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek.'

**Wat het Hy hier gesê ?**

Wanneer is jy gered?

Wanneer jy glo en jou laat doop daarna – dan is jy gered.

Daar is geen redding in die doop alleen nie.

Daar moet altyd 'n volwasse keuse gemaak word.

Dit was nog nooit die idee dat kinders dit op hulle eie verantwoordelikheid dit kon doen nie.

Om gered te wees, beteken om te verander daarna.

As die boom sekere vrug gedra het word daar verwag dat na redding, hy die regte vrug moet dra.

Vrug wat pas by 'n veranderde lewe – dis waaraan hy geken sal word.

Kom ons lees **Johannes 1:12;**

'Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag

gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;'

Wanneer word jy sy kind?

As jy iets begin doen – glo, dan eers het jy die reg om Sy kind te word.

Jy is nog nie sy kind nie, jy het nog net die reg om een te word.

Maar wanneer word jy nou een ?

### ***Johannes 10:25;***

'Jesus antwoord hulle: Ek het dit vir julle gesê, en julle glo nie. Die werke wat Ek doen in die Naam van my Vader, dié getuig van My.'

Jy is eers werklik Jesus se kind wanneer jy begin om te lewe soos Jesus en die werke te doen wat Hy gedoen het.

Dit beteken om te verander en daarna ander mense te help verander.

Hier vandag getuig my werke van Hom wat my gestuur het.

### ***2 Korinthiërs 3:15-18;***

'Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem.

Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid.

En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is.'

Vers 15: Daar lê 'n bedekking oor jou hart.

Vers 16: Bekering beteken die bedekking word weggeneem.

Vers 17: Die Gees wat saam met wedergeboorte veronderstel

is om in te kom, bring verandering en vryheid.  
As daar nie verandering kom nie, het volkome  
wedergeboorte nie plaasgevind nie.

Vers 18: Word verander om soos Jesus te wees.

Jesus het nooit gesê: 'Bring mense net tot bekering nie, Hy het  
van die begin af gesê: gaan maak dissipels.

Jesus Christus was self 'n dissipel-maker.

### **Mattheus 7:21-23;**

'Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die  
koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van  
my Vader wat in die hemele is.

Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u  
Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u  
Naam baie kragte gedoen nie?

En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan  
weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!'

Hierdie was Jesus se aanklag teen die Farisiërs: Julle tree op  
sonder my mandaat.

'Julle sit 'n swaarder las op mense ipv om vir hulle te leer dat  
My las lig is en my juk sag is.'

### **Die beste oplossing vandag in die kerk is:**

Gee aan die mense wat die gawes het die verantwoordelikheid  
om ander in die liggaam te help om in oorwinning te loop.

Soos wat jy iemand wat nuut tot bekering gekom het dissipel,  
raadgee en leer, so sal jy self ook 'ge-dissipel' word.

Wat gebeur met die eerste klompie mense wat die woord  
hoor in die gelykenis van die saaiër ?

Dié mense het die evangelie wat aan hulle voorgehou is  
nie verstaan nie.

Daarom kon die voëls dit net oppik en wegsteel.

Hier is die voëls 'n tipe van satan.

**Oplossing:** Maak hom 'n dissipel sodat sy lewe kan verander.  
Geen mens kan verander as hy self nie 'n keuse maak nie.

Daarom is die hele gedagte dat om iemand soos 'n kind kerk toe te bring en hom te doop, geen keuse van die persoon is nie.

Dit bring net soos Europa die misleiding en wanpersepsie dat ek nou gered is, maar eintlik is ek op pad hel toe.

Is hulle soos Jesus?

Is hulle veroordeel ('condemned')?

Die Jode het nooit gekies om te weet dat Jesus alreeds gekom het.

Is hulle veroordeel ? Ja.

Afrika en die Asiatiese volke het nooit gekies om Jesus te aanvaar nie.

Is hulle veroordeel ? Ja.

Het die kerk in Europa soos Jesus geword? Nee.

Is hulle veroordeel ? Ja.

Dit het die valse idée in mense geplaas wat self nooit 'n keuse gemaak het nie, maar wat mislei grootgeword het.

Misleiding beteken net dat ek vandag nog na wedergeboorte besef dat my sonde vergeef kan word, maar my siel bly nog gebonde.

Dis waaraan ek en jy elke dag nog moet werk.

Mar 16:15 He said to them, "Go into all the world and preach the good news to all creation.

Mar 16:16 **Whoever believes and is baptized** will be saved, but whoever does not believe will be condemned.

Mar 16:17 And these signs will accompany **those who believe**: In my name they will drive out demons; they will speak in new tongues;

Joh 1:12 Yet to all who received him, to those who believed in his name, he gave the right to become children of God--

Joh 10:25 Jesus answered, "I did tell you, but you do not believe. The miracles I do in my Father's name speak for me,

2Co 3:15 Even to this day when Moses is read, a veil covers their hearts.

2Co 3:16 But whenever anyone turns to the Lord, the veil is taken away.

2Co 3:17 Now the Lord is the Spirit, and where the Spirit of the Lord is, there is freedom.

**2Co 3:18** And we, who with unveiled faces all reflect the Lord's glory, are being transformed into his likeness with ever-increasing glory, which comes from the Lord, who is the Spirit.

Mat 7:21 Not everyone who says to me, 'Lord, Lord,' will enter the kingdom of heaven, but only **he who does** the will of my Father who is in heaven.

## **9.ONS MOET GOED KLAARMAAK**

Dit gaan daaroor om ons lewens ten volle uit te leef en al ons gawes tot God se eer te benut.

Dit gaan om jou christenskap te bewys en om die avontuur van lewe te geniet.

Ons is almal net gewone mense, met die potensiaal om bonatuurlike dinge te doen, omdat ons `n bonatuurlike God dien.

Julle weet, sommige nagte lê ek wakker met `n opwinding in my oor die taak wat vir ons wag.

Gedagtes sal deur my kop maal en ek sal drome droom en visies sien oor nasies wat na God gaan draai.



Oor bediening en waar ons bid vir toue mense.

Daar is ook frustrasie as ek hoor hoe mense baie praat, maar hulle is net nooit bereid om alles uit te haal om die prys eendag te kan kry nie.

God het ons geseën met soveel tye van intimiteit, dat ek nie kan glo hoeveel mense dit mis nie.

Dit is so werklik. Dit is so groot. Dis so belangrik dat ek alles moet gee – nie net die meeste nie, maar alles.

My jongste seun het nou net teruggekeer van 'n jaar van sendingwerk in Afrika.

As hy my so vertel wat hulle beleef en gesien het in Afrika dan onder vind ek so 'n mengsel van emosies, net deur te luister wat hy sê.

So 'n gevoel wat opstoot hier in my binneste.

Daar is soveel verhale van hoe swaar die kerk en Christene kry.

Tallose, naamlose mense, wat ons broers en susters is, nie in die vlees nie, maar in die Gees.

Hoe hulle verkrag word, verwond en verniel word, in tronke gegooi word, gemartel word en doodgemaak word.

En dit alles gebeur nou, op hierdie oomblik.

En ons sit hier gemaklik, dakke oor ons kop, en kos in ons mae.

Ons sukkel elke dag om gewig te verloor, terwyl daar duisende ander is wat nie kos het om te eet nie.

Maar, die een belangrike ding wat ons het, is die vryheid van spraak en vryheid van godsdiens.

Ek kan maar vir die wêreld uitskree dat ek Jesus lief het sonder gevolge - oënskynlike gevolge!

Maar, het ons hierdie vryheid gebruik vandag?  
Het ons dit gebruik om die evangelie uit te dra?  
Ruel Janda se kop is afgekap op 'n markplein in Somalië net omdat hy die Bybel gelees het.

God , wat is besig om te gebeur? Wat is ons besig om te doen?

Vergewe ons ons louheid, Vader!

Ons sal in gehoorsaamheid moet antwoord op die roeping van Christus.

**Daar kom drie vrae op:**

**HOE** kan ek radikaal begin lewe?

**HOEKOM WIL** ek radikaal lewe?

**HOE LYK** 'n radikale lewe?

God roep mense op verskillende maniere vir verskillende soorte van werk en bediening.

Hy verlang dat ons die gawes wat Hy aan ons gee moet gebruik in Sy diens.

**Weet:** God sal jou nooit toerus met 'n gawe as Hy nie wil hê jy moet dit gebruik nie.

Dit draaipunt is eenvoudig om te weet dat Hy ons roep tot 'n volle oorgawe.

Ons lewe dalk nie almal in 'n oorlogszone nie maar ons in almal betrokke in 'n geestelike oorlogsituasie.

Ek en jy moet vandag weet: daar is 'n oorlog aan die gang vir ons harte.

Waarna ek kyk, waarna ek luister, waar ek my geld en my tyd op spandeer – dis die dinge wat 'n invloed op my hart het.

Die impak van advertensies, die media, tydskrifte en populêre kultuursake, het 'n invloed op my.

Dit affekteer my op 'n vlak van hoe ek lyk, wie ek ken, wat ek aantrek of eet en dit verminder my passie vir dit wat regtig waarde het.

Ons weerstand teen hierdie dinge is soms so laag.  
Dit gebeur so dikwels dat ek nie my hart oppas nie.  
Soms laat ons sommer enige-iets in.

Waar is ons onderskeiding?

Ons harte is net ver te kosbaar om met verkeerde dinge te speel.

### **Wat is die boodskap?**

God wil ons alles hê.

Hy wil defnitief ons nie beperk om die lewe te geniet nie maar om ons vry te stel in dit waarvoor Hy ons geroep is.

Hy het alles vir ons gegee en Hy weet baie goed wat reg is vir ons.

Dis die rede hoekom ons net weer alles vir Hom wil teruggee – vir Sy eer en vir Sy heerlikheid.

Ons moet ongelukkig soms bieg dat ons lewens nie strook met die woorde wat ons dink ons glo nie.

Daarvoor is God se heerskappy in ons lewens net te beperk tot sekere areas.

Die een groot rede is dat ons gewoon geraak het om deur die kerk beheer te word.

Hulle het ons totaal van hulle afhanklik gemaak.

- Ek kan nie tot bekering kom as hulle nie daar is nie.
- Ek kan nie gedoop word as hulle nie daar is nie.
- Ek kan nie my sonde bely as hulle nie daar is nie, of as dit hulle nie pas nie.

Mense, om Jesus Christus te volg gaan nie net daaroor of jy die hele tyd gaaf en gereserveerd is nie.

Nee, as ek op die roepstem van Jesus reageer, kom daar iets baie meer gevaarlik en kragtig in my lewe in.

Jesus wil jou vandag verander in 'n grootoog radikaal – weet dit.

Elke dag in amper elke situasie is daar 'n versoeking vir my om tevrede te wees met minder.

Ek glo dis dieselfde vir jou ook.

Om te kan staan teen versoeking, moet ek die hemel Vader kan aanbid, die genade van sy seun Jesus Christus kan opneem en in die krag van die Heilige Gees kan beweeg.

Ek het die volste vertrouwe dat my Held nooit oorwin kan word nie.

En daarom is ons meer as oorwinnaars in hom wat ons krag gee en vir ons lief is.

Ons is vir altyd aan die wenkant.

Ten spyte van al die drama's in ons lewens en al die versoekings om op te gee of toe te gee, kies ek om die duiwel te weerstaan en ek weet hy sal van my af wegvlug.

Vriende, ons sal nog 'n paar terugslae beleef in hierdie wêreld, maar ek weier om enige ding 'n mislukking te noem of om mismoedig te raak oor enige ding.

Ek besef egter baie deeglik dat dit belangrik is om leerbaar te bly.

**Weet een ding:** Ek is nooit plat nie.

Nee, of ek is besig om op te kom, of ek is besig om te staan, maar plat, nooit.

Daar is 'n groot verskil tussen om te sukkel en om alreeds 'n mislukking te wees.

Die enigste manier hoe ek 'n mislukking word, is

\* wanneer ek ophou hardloop,

\* ophou om verder deel te neem aan die wedloop, en

\* ophou om nog te probeer.

Ek wil graag 'n paar bekende mense aanhaal:

**Wolfgang Goëthe**, die Duitse skrywer sê:

'Mense sal aanhou foute maak solank as wat hulle streef na iets.

Die enigste ding wat tel is dapperheid'.

**Hudson Taylor** sê:

'As daar nie 'n element van risiko is in ons optredes vir God is nie, is geen geloof nodig nie.

Die grootste gevaar is dat ons baie getrou kerk toe kan gaan en ons Bybels lees, maar nooit iets waag nie.

Dis is waarom om God te volg veronderstel is om 'n avontuur te wees – die reis is onvoorspelbaar.'

**Sir Edmund Hillary**:

Hy het 'n hele paar onsuksesvolle pogings gehad om berg Everest te klim, voordat hy dit kon regkry.

Hy het gesê: 'Elke keer as ek onsuksesvol was, het ek geleer, en elke keer as geleer het, het ek gegroei en weer probeer.

En eendag het ek dit reggekry om te wen.'

Hy sê ook: 'Elke ding wat jy doen wat nie werk nie, is geen mislukking nie. Dit is slegs 'n geleentheid om 'n tweede kans te kry om dit reg te doen.'

**Emerson**:

'Daar is geen verskil tussen oorwinnaars en gewone mense nie. Die oorwinnaar veg net vyf minute langer.

Onthou: Goed, is die die vyand van die beste.'

### **Mark Twain:**

'Twintig jaar van nou af sal jy meer teleurgesteld wees oor die dinge wat jy nie gedoen het, as die dinge wat jy wel gedoen het.

So, gooi die ankertoue af. Seil weg van die veilige hawens. Vang die groot winde. Droom en gaan verken. en onthou: ons is aan die wenkant, met oorwinning totaal versekerd'

## **Deursettingsvermoë en om te kan aanhou - dis ons toekoms:**

### **'n Predikant het eendag gesê:**

'My geestelike mentor het sy sterwende vrou en sy vier kinders gelos vir 'n jong man.

En, die onderwyser wat ek die meeste van gehou het op universiteit en in die Bybel-kollege het sy vrou en dogter gelos vir 'n jong vrou.'

Albei hierdie manne is grootliks deur God gebruik in verskillende lande en in groot bedienings, maar, hulle het nie aangehou nie.

Hulle het nie goed ge-eindig nie.

Ons moet vandag leer hoe om deursettingsvermoë te kry sodat ons eendag sterk kan eindig – goed kan klaarmaak.

Dis totaal gek om goed te begin, maar die wedloop nie te voltooi nie.

**Jokn Akwiri** was die Tanzaniese maratonatleet by die Meksiko Olimpiese Spele.

Om 'n maraton daar te hardloop in die hitte is vir niemand maklik nie.

Maar hierdie wedloop is gehardloop en in 'n redelik tyd klaargemaak.

Etlike ure later, toe almal begin regmaak om huistoe te gaan na 'n lang dag, is daar skielik 'n beroering.

John Akwiri het sopas die stadion binnegekom.

Hy kom deur die tonnel en begin sy laaste rondte.

Sy gesig in pyn, skuifelend gaan hy aan – stadig.

Almal wat nog in die stadion was, is op hulle voete.

Hulle skreeu en klap hande en moedig hom aan.

Toe John Akwiri by die wenpaal aankom, is die geraas oorverdowend.

By die perskonferensie die volgende dag is almal teenwoordig.

Die omroeper vra; 'Jy was so ver agter, hoekom het jy nie net opgehou om te hardloop nie?'

John antwoord:

'My land het my hierheen gestuur, nie om die wedloop te begin nie, maar om dit klaar te maak.'

Nou, jare daarna, onthou ons nie wie die wedloop gewen het nie.

Maar, ek ken die naam van 'n obskure Afrikaan van Tanzanië wat laaste gekom het in die maraton:

Sy naam is John Akwiri.

Hy het sy wedloop voltooi.

## **Nog 'n insident:**

Die 400 meters by die Atlanta Olimpiese Spele in 1996.

**Derek Redmond** was die atleet van Engeland.

Hierdie wedloop was die einde van maande en jare se oefen en voorbereiding.

Sy vader was sy afrigter.

Die wedloop begin.

By die halfpad merk is Derek voor.

Skielik klap daar 'n geluid.

Derek Redmond se achilles-tendon in sy kuit het afgeskeur.

Hy slaan neer op die tartanbaan – sy gesig in pyn.

Hy hou net sy been vas.

Na 'n rukkie kom hy stadig weer regop.

Sy wedloop is verby,

**maar**, hy het nie opgehou deelneem nie!

Hy strompel voort – sleep sy been.

Stadig hou hy aan – tree vir tree.

Die skare is op hulle voete – oorverdowend moedig hulle hom aan.

Maar hulle kon sien, die pyn is te erg – hy gaan nie kan klaarmaak nie.

Skielik spring daar 'n gryskopman uit die gehoor en hardloop na Derek toe.

Die beamptes probeer hom keer, maar hy praat met hulle.

Hy hardloop na Derek Redmond toe, sit sy arms om hom, en saam strompel hulle vorentoe, tot by die wenpaal.

Hierdie man was sy pa.

Na die tyd by die onderhoud sê Derek:

'Hy was die enigste een wat my kon gehelp het want hy is die enigste een wat weet waardeur ek is.'



Mense, in ons poging om elkeen ons eie wedloop te voltooi het ons deursettingsvermoë en mannemoed nodig.  
Ons sal aanhou hardloop maak nie saak wat die toetse of die terugslae is nie.

Jesus Christus sal ook net soos daardie pappa, langs elkeen van ons inkom, ons vashou met Sy arm, en sien dat elkeen van ons die wedloop voltooi.

Hoekom?

Hy is die enigste een wat dit kan doen, want Hy is die enigste een wat weet waardeur ons is en wat voor ons lê.

Om sterk en goed te eindig, het niks te doen met talente of hoë intellektuele vlakke nie, of met opleiding of sosiale status nie.

Dit gaan suiwer oor:

- \* gedissiplineerde uithouvermoë,
- \* om nougeset saam met Jesus te wandel,
- \* Sy opdragte uit te voer en klaar te maak, en om
- \* gefokus te bly in jou roeping.

Ek gaan deurdruk – ek gaan sterk eindig en goed klaarmaak.

Wat van die volgende generasie?

Kan jy ook sê: ek wil deel wees daarvan, tel my in.

Ons moet God se aangesig soek om werklik te weet waar pas ek in hierdie plan.

Laat ons hardloop totdat ons wen.

**C.S.Lewis** het gesê:

‘Daar is net twee soorte mense op die einde:

Dié wat vir God sê: “U wil geskied” , en

dié vir wie God sê: “Jou wil geskied.”’

# 10. 'N RADIKALE LEWE

Wanneer dit neerkom op ons geestelike lewens, kan ons nie afhanklik wees van die hoogtepunte wat ons op konferensies of in groot byeenkomste beleef nie.

Ons daaglikse lewe word nie uitgeleef net in sulke plekke nie – ons benodig 'n volwasse verhouding met Christus deur die dissipline van gereelde intimiteit.

Ons word verseker opgeroep tot 'n radikale lewe in Christus. Dit lei ongelukkig so baie tot verwerping en skinder – en soms word ons die teikens van soveel kritiek en soms van haat.

Dis nie ongewoon dat ons soms voel om op te hou nie.

Die grootste teenstand kom dan van die kerk af!

**Onthou:** Werklike oorwinnaars is gewone mense, hulle veg net vyf minute langer.

Statistiek toon dat die meeste mense ophou om te leer na die ouderdom van veertig.

Hulle lewe dan net op wat hulle alreeds voorheen geleer het ipv. om aanhoudend te groei in diepte en geestelikheid en kennis.

Ons moet aanhou groei om die volle prys te kan ontvang.

Paulus skryf aan sy jong vennoot Thimoteus in die dae toe hy begin oud word en deur beproewinge gaan:

## **2 Timotheus 4:7-8;**

'Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou.

Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het.'

Kies om voluit te lewe – radikaal:

***Deuternomium 30:19;***

‘Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag.’

Kies lewe! My toekoms is nie ‘n kans wat ek vat nie maar ‘n keuse wat ek uitoefen.

Ons het elkeen net een lewe hier op aarde.

Paulus doen ‘n beroep op ons in ***Efesiërs 5:16;*** en sê: ‘en koop die tyd uit, omdat die dae boos is.’

Op die ou einde moet elkeen van ons kan terugkyk met satisfaksie

- \* oor uitdagings geneem,
- \* gawes reg aangewend,
- \* oor terugslae oorkom,
- \* ander mense se lewens aangeraak,
- \* en ons roeping vervul.

**Wat dan is die sukses van ‘n groep soos diê?**

1. Elkeen hier moet volkome regverdig voor God kan staan – sonder gewoonte-sonde in hulle lewens.
2. As die kerngroep dit nie kan doen nie, sal daar van hierdie hele poging niks kom nie.
3. Bid aanhoudend totdat God die vensters van die hemel vir julle opmaak.
4. Laat elkeen hier homself vir God gewillig stel vir gebruik – soos wat God wil.

**Dietrich Bonhoeffer**, ‘n Duitser, sê:

Wanneer God ‘n mens roep, kom sê Hy: ‘Kom, en gaan dood aan jouself’.

### **Dis die uitdaging:**

As jy nog nie iets gekry het om voor dood te gaan nie, dan het jy nog nie iets gekry om voor te lewe nie.

Die prys is so groot. Die aanslag geweldig.

Daar was meer martelare vir Christus die afgelope honderd jaar as almal in al die eeue voorheen tesame.

Ons broers en susters in die wêreld word doodgemaak daaglik, onder regerings en in lande wat vyandig teenoor Jesus staan.

Ek het 'n keuse gemaak om nie te op te hou om te lewe nie.

Ons almal begin die lewe om in die vlees gebore te word.

Daarna kom daar 'n dag waar jy ook in die Gees gebore word.

Dit wat in die vlees gebore word, sal sterf, maar

Dit wat in die Gees gebore word, sal vir ewig lewe.

Dis die blye versekering waarop ons kan vertrou.

Die wêreld bied vandag in kontras daarmee 'n lewe van onsekerheid.

Gewoonlik is hulle sonder hoop – en sonder God.

In my eie lewe is dit hierdie hoop wat my laat aanhou.

Daar is baie mense wat alles in hulle lewens verloor het – deur oorloë en deur aanslae.

Een ou man het eendag gesê:

'Ek het nooit beseft dat Jesus al is wat ek nodig het, totdat Jesus al was wat ek gehad het.'

Wat 'n hoop!

Hy't niks besit na die oorlog nie, tog beseft hy dat hy alles het net omdat hy vir Jesus het.

Gesonde verstand ('common sense') is 'n gawe wat God aan die menslike ras gegee het.

Maar gesonde verstand was nie alleen die gawe van Sy Seun Jesus Christus nie, bonatuurlike verstand is die gawe van Christus.

Ons moet besef hoe belangrik God se boodskap vir vandag is. Ons het 'n boodskap ontvang wat lewens kan red.

Daaglik sien ons net verwoesting en die dood, maar hoeveel van hulle wat vandag dood is het God se uitnodiging vroeër aanvaar?

Wel, net God weet.

Vir elkeen wat gister dood is, het die tyd aangebreek om beoordeel te word.

Hulle self het net nie geweet wanneer dit sou wees nie.

Die grootste vraag is net: 'Was hulle gereed?'

**John Piper** skryf:

'Dit is so belangrik om te weet wat om ons aangaan.

Dit wat op die spel geplaas is, is so veel.

Meeste mense lewe so en is so gemaklik vandag asof ons in 'n tyd van vrede lewe, en nie in 'n oorlog nie.

In tye van oorlog is almal op 'n gereedheidsgrondslag.

Ons is bewapen.

Ons is waaksaam en versigtig.

Ten tye van oorlog spandeer ons ons geld anders, want daar is ander maniere om ons geld maksimaal te gebruik.

Die oorlog-situasie beïnvloed almal.

Ons sny terug en besef dat die passasierskip dalk more 'n troepdraer kan wees.'

Maar is ons nie in so 'n oorlog nie?

In hierdie oorlog wat ons daagliks stry, verloor mense nie net arms of bene nie, of selfs hulle lewens nie – nee, hierin verloor hulle alles – selfs hulle siele.

### **Die werklikheid van die hel:**

Dis een aspek waaroor ek net duidelikheid wil gee:

Ek glo dat daar 'n hel is, en 'n helle-toestand.

Want deesdae twyfel die kerk al daaroor ook.

Die werklikheid van die hel kom slegs ter sprake wanneer ons die Bybel moet glo oor die uiteinde van beide gereddes as ongereddes.

Maar as dit dan so belangrik is, waarom praat ons nie daaroor nie?

Mense ek wil net graag sê: Ons kan nie 'n dowwe, vae idee van die hel hê as ons wil respondeer tot die oproep om uit te gaan en dissipels te gaan maak nie.

Hel is so belangrik en relevant, want dis die uiteinde vir ewig van so baie mense waarmee ons elke dag werk.

Twee gedeeltes hieroor in Openbaring:

#### ***Openbaring 14:9-11;***

'En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê:

As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam.

En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.'

En ook ***Openbaring 20:10 en 15:***

'En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.'

Die een grootste rede vir verloreheid is die totale onvermoë om lief te hê.

Dit bring 'n groot verwydering tussen die siel en God, tussen mens en Jesus Christus se wêreld en tussen mense en ander mense.

Mense raak so ge-isoleerd dat hulle op die ou einde verwyder is van alles en almal.

Wat 'n wonderlike hoop is dit nie vir almal wat Jesus vertrou vir hulle redding nie.

Dis 'n definitiewe en lewende hoop – 'n versekerde waarborg wat vir ons gehou word in die hemel.

### **Wat dan is die duiwel se taktiek?**

Om alles en almal stil te hou en alles net mooi onder beheer te hou in hulle lewens.

Hoekom?

Net om mense te keer om die mees belangrike vraag van hulle lewens te moet antwoord: Die ewige toekoms van hulle siele !

### **Al die tyd in die wêreld:**

Satan was besig in een van sy opleidingskampe.

Hy was besig om rond te gaan tussen al die nuwe kandidate en hulle vrae te vra oor wat hulle geleer het.

Hy sê toe vir die groep: 'Nou dat julle gereed is vir die belangrike taak om te gaan en soveel as moontlik mense weg te lei van die pad na God toe, watter strategieë sal julle gebruik?'

Die eerste demoon antwoord: 'Meneer, ek sal hulle vertel dat daar geen God is nie.'

Die duiwel antwoord: 'Agge nee, dit sal nie werk nie.

Die skepping is so wonderbaarlik dat dit altyd sal wys op 'n skepper.

Jy sal nie baie mense daarmee oortuig nie.'

Die tweede demoon sê: 'Ek sal hulle vertel dat daar geen oordeel sal wees nie.'

'Geen kans nie', sê die duiwel. 'Almal weet wat reg en verkeerd is.

Die meeste weet dat daar êrens rekenskap gegee moet word. Dit gaan nie werk nie.'

Die derde demoon sê: 'Meneer, ek sal hulle vertel dat daar 'n God is, en ja, daar sal verseker 'n oordeel wees eendag, maar, dat daar baie tyd nog oor is.'

'Uitstekend' sê die duiwel. 'Jy het mooi geleer.

Baie mense sal val daarvoor. Gaan vir dit!'

## **Geloof in aksie:**

**Ross Patterson** het gesê:

'God wil sy mense aan die brand steek met die vuur van Sy Heilige Gees, maar nie dat ons in die kerk 'n vuurwerkvertoning vir die heiliges kan hou nie.

Hy wil hê ons moet deel hê in die warmte van daardie vuur, en om dit uit te gee aan 'n sterwende wêreld.'

Een van die grootste demonstrasies hierin was Jesus Christus self.



### **Hebreërs 2:14-15;**

'Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het— dit is die duiwel— en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was.'

Ek het in Afrika gewerk met mense wat geen elektrisiteit, water of sanitasie gehad het nie.

In Tanzanië, na 'n kerkdienst het hulle ons ingeneem in 'n klein sinkgeboutjie en bokvleis, rys en 'n Coke gegee.

Ek het geweet dat dit baie meer was as wat hulle ooit kon bekostig.

Hulle wou vir my soveel gee uit die min wat hulle gehad het.

Maar so dikwels sien ons hier dat ons so min gee van die baie wat ons het.

'n Sendeling daar vertel dat hy saam met 'n besoekende Christen sakeman deur die land gery het.

Terwyl hulle by landerye verby gery het, sien hulle 'n ou vader en sy seun 'n ploeg trek – stadig deur die grond.

Hierdie man was so aangedaan en het gesê: 'Sjoe, hierdie mense is so verskriklik arm.'

Die sendeling vertel toe aan hom dat hulle gelowiges is.

Gedurende die kerkbou-projek laas jaar is almal gevra om iets te gee, maar hiedie twee het geen geld gehad om te gee nie.

Toe verkoop hulle hul enigste os en gee die geld vir die kerk.

Hierdie jaar het hulle geweet sal hulle self die ploeg moet trek.

Die sakeman roep uit: 'Maar dit moes vir hulle 'n baie groot opoffering gewees het!'

Die sendeling sê: 'Ja, maar hulle het dit nie so gesien nie.

Hulle het hulself so bevoorreg gereken dat hulle nog 'n os gehad het om te verkoop!'

Deur die eeue is dit maar nog altyd so dat daar waar mense iets kon regkry, hulle nog altyd kon uitleef dit wat hulle glo. En as jy van buite af kyk was hulle woorde nog altyd dit wat hulle gedoen het ook.

Ek lees van 'n ou seuntjie wat opgroei in die agterbuurtes van 'n groot stad.

Hy word geterg en uitgelag deur 'n ander seun, wat sê:

'Toe, jy sê dat Jesus jou liefhet.

Wel as dit so is, waarom kyk Hy dan nie na jou nie?

Hoekom vertel jou God dan nie vir iemand om vir jou skoene en 'n warm jas en kos te bring nie?'

Die arme outjie dink so 'n oomblik en met trane in sy oë sê hy: 'Ek dink God sê dit vir iemand, maar daardie iemand het vergeet.'

Ek wil net weer vandag sê: **ek wil nie vergeet nie!**

Paulus sê vir ons in **2 Korinthieërs 5:14**;

'Want die liefde van Christus dring ons,'

Ons besef nie dat ons hier altyd net hoër morele waardes wil hê nie.

Hoe gaan ons later terugkyk na hierdie tye waar ons 'n obsessie gehad het om maer te word, terwyl daar so baie is wat nie kos het om te eet nie.

Hierdie die woorde van 'n kind wat se ma aan VIGS oorlede is. Hy praat met 'n ander een wat nou net sý ma verloor het:

'Nou gaan hulle jou ma vat en haar in 'n donker gat sit.

Dan gaan hulle haar toegooi met klippe en grond, en daar sal sy op haar eie alleen moet bly vir ewig.'

God roep elkeen van ons om te besef die tyd is min.

Ons het vir te lank gesit en wag dat iemand anders dalk iets gaan doen.

Daar gaan geen kortpaaie en vinnige dinge wees nie – dit gaan deursettingsvermoë neem van elkeen van ons om dit te gaan doen wat God wil hê ons moet doen.

**Dawson Trotman** het gesê:

'Die meeste tyd wat gemors word, is die tyd wat dit neem om te begin.'

## **DIE DING-DONG BEGINSEL**

Bykans alle kerke het 'n toring en 'n klok.

Dit is die werk van die koster om die kerkklok te lui.

Hy moet die tou wat aan die klok vas is bo, en nou afhang tot hier onder, vasgryp en trek – dit maak dat die klok bo kantel, en dan kom die gelui: Ding – Dong.

Daar was 'n meisie wat in die kerk kom bely het oor haar seksuele sonde en die wellus wat aanhoudend in haar lewe die oorhand gekry het.

Dit het haar gelei in veelvoudige seksuele verhoudings.

Sy het gekom vir gebed en bevryding en is in oorwinning huistoe.

'n Tydjie daarna kom sy weer terug met 'n probleem: Sy sê dat sy volkome bevry is van die wellus en die probleem, maar snags sal sy nog droom van haar ou manier van lewe.

Nou dit bekommer haar baie.

Sy vra: " val ek nou weer terug in die hande van die Satan? "

Nou verduidelik ons dit so:

Hier bo in die kerk is 'n klok wat lui as jy aan die tou trek.

Maar, as die koster die tou gelos het nadat hy dit gelui het, hou die klok nog aan om te swaai.

Eers "ding", dan later "dong", dan stadiger, totdat dit later ophou.

Ek glo dieselfde is ook waar van bevryding.

Wanneer die gees van bv. wellus verwyder is in die Naam van Jesus Christus, en die sonde bely en afgelê is, is Satan se hand losgemaak van die klok.

As jy nou begin twyfel en bekommer oor jou gebondenheid van die verlede, sal Satan verseker die geleentheid aangryp om die eggo's van die klok te laat lui in jou gedagtes.

Die meisie vra: "Beteken dit dan dat al het ek soms nog drome oor die verlede, dat ek nog steeds vry is?"

Ja, die heiligheid van jou lewe is die bewys van jou vryheid. Jy moet nie bekommer oor die "dings" en die "dongs" nie, dis maar net die eggo's van die verlede. Die klok sal weldra tot stilstand kom.

Demone gaan baie selde uit mense uit, sonder om die trillings, die "dings" en die "dongs" , agter te laat.

Dis asof hulle met die uitgaan uit 'n mense uit, die klok vir ouslaas 'n harde pluk gee, en dit maak nog 'n tyd lank geluide, net dat ons moet dink dat hulle nog nie weg is nie.

Hulle weet dit, al moet hulle dadelik met bevryding uitgaan. Hulle weet dat as jy begin bang word en twyfel oor die oorblywende eggo's, kan daar altyd ander demone inkom in hulle plek.

### **Dieselfde is ook waar van vergifnis.**

Wanneer ons iemand vergewe, laat los ons ook die tou van die klok. Maar as ons nog vashou en soms nog trek aan die tou van bitterheid, moet ons nie verras wees as die ou kwaad gedagtes weer aanhoudend terugkom nie.

Hulle is maar net die "ding-dongs" van die ou klok wat al stadiger gaan.

Die bybel belowe dat, as ons ons sonde bely en dit aflê en klaarmaak, sal God ons vergewe deur die Bloed van Jesus. Hy sê in **Hebreërs 8:12**;

“..en aan hulle sondes en hulle oor oortredinge sal ek nooit meer dink nie..”

Maar, soms doen ons goed wat God nie kan doen nie: ons onthou ons ou sondes.

Dis die “ding-dongs” van ons verlede.

Wanneer ons hulle nog hoor, moet ons onthou dat deur die Bloed van Jesus aan die kruis, die Satan nie meer die tou van ons verlede kan trek nie.

Ons mag beproef en versoek word.

Ons mag soms vir rukke terugval, maar ons is verlos van die mag van sonde, al is daar nog vibrasies van die klanke in ons lewens. Weet, hulle sal net minder en minder word en uiteindelik stop.

As Satan eers uitgewerp is uit die huis van jou lewe, kan hy nooit terugkeer nie, mits jy in gehoorsaamheid lewe.

Al is jou liggaam die tempel van die Heilige Gees, verhinder dit nie die Satan en sy demone om buite te staan en by die versters van jou huis in te skreeu “ons is nog hier” nie. Hulle doen dit net dat jy moet twyfel.

Maar, ons weet dat die Satan `n groot leuenaar is.

Hy is nie meer hier nie – hy is uitgegooi.

So, wanneer jy nou die eggo’s van die ou verlede hoor, een van die “dings” of “dongs”, moet jy net stilstaan en sê:

“Dankie, Jesus Christus. Ek weet dat U my gekoop het met U bloed, en die ou sondes het geen reg om nog klanke te maak in my lewe nie.”

**Amen.**